

Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890–1896

Heinie Heydenrych

Heinie Heydenrych, Onafhanklike navorser

Opsomming

Eugène N. Marais was van Oktober 1890 tot November 1896 die redakteur van *Land en Volk* in Pretoria, een van net drie Nederlandstalige koerante in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Die jong man was van meet af aan krities oor die beleid en optrede van Paul Kruger se regering. Anders as die meeste ander koerantredakteurs in die ZAR is hy nie deur eng politieke motiewe of finansiële oorwegings of deur een of ander verbintenis met Kruger gemotiveer nie, maar suiwer deur sy gewete. Die koerant het ook nie, soos sommige ander tydgenootlike blaaië, finansiële steun van die staat ontvang nie. Marais het nie 'n wag voor sy mond gesit nie en was daarom dikwels vanweë sy soms ietwat kru kritiek in lastersake betrokke. Hy het oor bedenklike aspekte van die Krugerr regering se beleid en Kruger en sy amptenare se optrede in verband met 'n wye verskeidenheid kwessies kommentaar gelewer. Marais kon geen oneerlikheid of nepotisme aan regeringskant en goedpraterij van regeringsfoute verdra nie en het dit onbevrees en sonder skroom blootgelê. Sy kommentaar in die koerant het 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die politiek van die tyd, wat tot die 1880's nog grootliks by Transvaalse burgery ontbreek het, by die publiek gekweek. Hy het 'n groot rol in die presidentsverkiesing van 1892–93 gespeel deur generaal Piet Joubert, as teenstander van Kruger en 'n leiersfiguur van die "progressiewe" volksdeel, te ondersteun en sodoende aan Joubert sy beste prestasie in vier verkiesings help besorg. Marais was een van die eerste Suid-Afrikaanse joernaliste wat ondersoekende joernalistiek beoefen het en het dit doeltreffend in sy kritiek aangewend. *Land en Volk* is nog betreklik min deur historici in verband met Kruger se bewindstyd as bron benut en die koerant se kommentaar belig dus 'n kant van Kruger se presidentskap wat voorheen verwaarloos is.

Trefwoorde: Eugène N. Marais; Hollander-amptenare; konsessies; *Land en Volk*; outoritêre optrede; Paul Kruger; perswese in die ZAR; skandale.

Abstract

Eugène N. Marais as editor of *Land en Volk*, 1890–1896

The period 1890 to 1896 is very important in the political development of the South African Republic under President Paul Kruger. Following the gold discoveries on the Witwatersrand in 1886 the financial and economic prospects of the Republic seemed favourable. Mining was blooming, but with it came speculation and corruption. On the political front there was stability, with Paul Kruger having been elected for a second term of five years in 1888. Although General P.J. (Piet) Joubert had opposed Kruger in the presidential elections of 1883 and 1888 there was no evidence of organised political parties. Apart from the English language newspapers there was none in Dutch, the official language of the state, which could call the president to account in terms of the dictates of democracy.

In October 1890 the 19-year-old Eugène Marais, who had received his education in the Cape Colony, became the editor of a fairly obscure Pretoria newspaper, *Land en Volk*, and turned it into an anti-Kruger organ of note. Soon afterwards, he and a partner bought the paper and at the end of 1892 he became sole proprietor and editor. The intelligent young man had by then already clashed with Kruger over something Marais had written for an English language paper as a freelance writer and the enmity between these two men lasted for the duration of Marais's editorship, which ended in November 1896. From Marais's side, however, it was not a personal vendetta as such, but took the form of loud and uncompromising criticism of Kruger's actions as president. Openness, transparency and honesty were non-negotiable in Marais's value system and he did not hesitate in the least to expose anything that did not conform to these values.

Outside the Republic Kruger had the reputation of being an incorruptible man. He had shared the experiences of the Voortrekkers during the Great Trek on their flight from British rule in the Cape Colony after 1836. Kruger was bent on maintaining, at all costs, the political independence of the Republic, which had been established after the trek north of the Vaal River. But inside the state Marais observed certain trends in the Transvaal's politics that abhorred him. The historiography of the South African Republic and of Kruger as its president has also generally focused on the struggle for maintaining its independence from Britain and Kruger's role in that regard, and relatively little has been written on internal affairs. A study of Eugène Marais's criticism in *Land en Volk* of the Kruger government's handling of affairs therefore helps to shed light on an aspect that has hitherto been neglected.

Although Marais's focus on aspects of the Kruger government's actions and so-called scandals may seem a rather negative study, it helps to paint a much more balanced picture of the Kruger regime, including Kruger's untoward reliance on certain confidants in his efforts to develop and diversify the

economy and encourage industrial development. His dealings with the industrialist and speculator A.H. Nellmapius is one such example, which led to Kruger's trying to interfere with the course of justice. Nepotism was another of Kruger's weaknesses, as exemplified by his dubious effort to benefit his son-in-law with regard to the concession for supplying drinking water to Johannesburg. Kruger's tolerance of certain forms of corruption and his refusal to distance himself from the accepting of bribes with the concession for the building of the Selati railway is another matter that evoked Marais's wrath. The president's justification of the officials' actions in the so-called stands scandal of 1892 is another, for it shows a lack of concern on Kruger's part for clean, able and honourable governance. Kruger's attitude towards the freedom of the press was displayed by his conduct regarding the criticism of his government with regard to exacting money from the state to which he was not really entitled, while this led to his failed attempt to prosecute Marais and *Land en Volk* for libel and his subsequent tightening of the law in the form of a new tough press law in 1893. In the latter regard Marais showed admirable courage by castigating the president in *Land en Volk* and he tasted success by winning the libel suit. In the case of the so-called Loveday incident of 1894 Kruger again showed his disdain for the freedom of the individual to criticise the government by threatening a junior official with a disgraceful dismissal for merely signing an address of appreciation to a member of the Volksraad who was a thorn in Kruger's flesh.

Marais's crusade against Kruger reached its climax during and after the presidential election of 1893. His vocal support for Piet Joubert as rival candidate nearly upset the old order and enabled Joubert to achieve by far his best performance in three elections. Moreover, it displayed the power of the press in influencing public opinion. Marais also revealed the dubious and weak nature of the election machinery in the Republic – one of the indispensable pillars of a democracy – by protesting vehemently against the outcome of the election and publishing an opinion by a leading jurist about possible irregularities in the voting process. Kruger's tendency towards autocratic rule was also mercilessly exposed by Marais, who pointed out some of his actions in the Volksraad and his attempts at emotional blackmailing of members by declaring that he had been humiliated and insulted by views opposed to his own.

Apart from the above matters, Marais also played an important role in championing the rights of non-Dutch (Afrikaans) people in a political dispensation where imported Dutch officials played an important part. Being himself a "son of the soil" born in the Republic, he led an assault on the use of Dutchmen in the public service at the expense of "Afrikaners", as he called them. In doing this he succeeded in emphasising that the whites in the Republic, who spoke an early version of Afrikaans, were in fact an extension of the Afrikaners of the Cape Colony and not a separate "breed". He fostered their self-respect as Afrikaans-speaking people by initially publishing his paper in Afrikaans and in this process helped to untie the apron strings with

the Netherlands. He made Afrikaans a language of the press in a society where the use of Dutch was still the norm in the press and official circles and proved that press contributions in Afrikaans could be a part of any discourse, political or otherwise.

In spite of his sometimes brash editorial style in violation of journalistic convention the fact that Marais appealed to people's conscience by exposing injustice and political bungling elicited respect from the public, and there can be little doubt that he influenced the political thinking of the populace. In this regard his use of doggerel and satirical colloquies played an important role.

A study of Marais's writings in the press also sheds light on a part of his life that has not been thoroughly investigated. More has been written about his literary work as the well-known poet, author and researcher of nature that he later became than about his journalistic exploits. He is an enigmatic figure who has fascinated many people – and who still does so almost 70 years after his death. Anyone who has done any research on Eugène Marais can attest to the fact that we will never really fully know who he was, because he was so complicated a personality.

Knowledge of Eugène Marais's journalistic writing and undaunted sharp commentary in *Land en Volk* during the years 1890 to 1896 will hopefully help a little to shape the image we have of him as a person and of the Kruger government during those years.

Keywords: Eugène N. Marais; concessions; criticism; *Land en Volk*; Paul Kruger; Piet Joubert; press freedom; presidential election; scandals

1. Agtergrond en konteks

'n Enorme hoeveelheid koerantkopie het tussen 1890 en 1896 uit die later bekende digter en skrywer Eugène N. Marais se pen in die koerant *Land en Volk* verskyn. In sommige uitgawes was daar tot soveel as vier redaksionele artikels van hom. Daarby het hy onder verskillende skuilname berigte en briewe geskryf. Sy bekendste skuilnaam was Afrikanus Junior, maar daar was ook ander, soos Klein Joggum, Weerman en Opmerker. Hy was ook verantwoordelik vir gereelde samesprake en rymelarye waarin op 'n speelse manier op politieke kwessies kommentaar gelever is.

Verreweg die vernaamste kenmerk van sy redakteurskap was sy skerp kritiek op die beleid en optrede van die Kruger-bewind en sy amptenare. Hy het dikwels president Paul Kruger tot verantwoording geroep en Marais se eerlikheid en sin vir geregtigheid het in hierdie opsig 'n deurslaggewende rol gespeel. Historici het wel op beperkte wyse van *Land en Volk* in hul studies oor hierdie tydperk gebruik gemaak, maar dit is feitlik deurgaans as Nederlandstalige koerantbron aan *De Volksstem* ondergeskik gestel. In J.A.

Mouton se proefskrif (1957) van 288 bladsye oor generaal Piet Joubert is daar byvoorbeeld in die hoofstuk oor die presidentsverkieping van 1893 nie minder nie as 20 verwysings na die *De Volksstem* en slegs drie na *Land en Volk*, wat Joubert, as Kruger se belangrikste opponent in die verkieping, gesteun het. Geen intensiewe studie van dié koerant se politieke kommentaar van 1890 tot 1896 is nog onderneem nie. Swart (2003) se artikel is 'n belangrike bydrae oor Marais, maar tas mis deur 1891 as begindatum van sy redakteurskap te neem, en plaas, net soos Gordon (1970), sy joernalistieke bydrae hoofsaaklik binne die konteks van die totstandkoming van 'n Progressiewe Beweging of Party teenoor 'n konserwatiewe groepering in die ZAR se politiek. Die huidige artikel, daarenteen, belig 'n aantal minder omvangryke – maar ewe belangrike – politieke kwessies en gebeurtenisse as byvoorbeeld die Uitlandervraagstuk tussen 1890 en 1896 en Marais se joernalistieke rol in verband daarmee, en verreken eerder persoonlikheidsverskille tussen Kruger en Marais en hulle uiteenlopende politieke oortuigings om die aard van Marais se joernalistiek te belig.

Om dié onderwerp in perspektief te kan plaas, is dit nodig om iets oor Marais se aanvangsjare in die joernalistiek te sê en om van die verhouding van *Land en Volk* tot die ander koerante in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) kennis te neem.

1.1 Marais se toetrede tot die joernalistiek

Ná Eugène Marais se terugkeer in 1887 na sy geboortedorp Pretoria uit die Paarl, waar hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy aanvanklik as ingeskrewe klerk by die prokureursfirma Kuranda & Marais gewerk waar sy broer Melt een van die vennote was (Du Toit 1940:9; Rousseau 1974:27). Hy was egter meer aangetrokke tot die joernalistiek en het begin om bydraes vir die *Transvaal Advertiser* te skryf (Marais 2009:84) en ná omtrent 'n jaar 'n verslaggewer vir dié koerant geword. Die jong man – hy was toe maar 17 jaar oud – het oor volksraadsdebate verslag gedoen en terselfdertyd 'n rubriek met die titel "Glimpses from the hoekie", wat op gesprekke in die wandelgange gebaseer was, behartig (Rousseau 1974:27). In 1889 het hy reeds met Paul Kruger gebots toe hy op die President se voorstel toegang tot die persgalery van die Volksraad geweier is omdat hy sekere onbewaakte woorde van die voorsitter in 'n gesprek tydens 'n pouse wat hy toevallig gehoor het, gepubliseer het en kommentaar daarop gelewer het (Du Toit 1940:25–8; Nienaber-Luitingh 1962:21). Dit sou die begin wees van 'n vyandige verhouding tussen hom en die President weens sy volgehoue kritiek op die regering van die ZAR onder Kruger.

Dit het egter hoegenaamd nie beteken dat hy dislojaal teenoor die Republiek was nie. As gebore Transvaler lewer hy van 1890 af ses jaar lank lojale kritiek op aspekte van die Krugerregering se beleid en optrede wat sins insiens moreel bedenklik was en nie die belange van die republikeinse Afrikaners gedien het nie. Sy patriotisme was trouens nooit onder verdenking nie. Dit

blyk onder andere uit die feit dat hy ná die Jameson-inval aan die einde van 1895 op versoek van die regering as tussenganger tussen die Uitvoerende Raad en die Reform Committee van Johannesburg opgetree het en daarna ook as lid van die militêre wag gedien het wat dr. L.S. Jameson en sy hoofoffisiere ná hul gevangening van Krugersdorp af Pretoria toe begelei het (SAWB I, 1976:527). Ook *Land en Volk* se publikasie van berigte oor historiese gebeure soos die slag van Majuba in 1881 en die geskiedenis van die Voortrekkers, en sy kritiek op die hoë kommissaris sir Henry Loch se houding teenoor die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1891 getuig van Marais se patriotisme,¹ en so ook sy verdoeming van die Jameson-inval aan die einde van 1895.²

'n Besonder produktiewe fase breek in 1890 in Marais se lewe aan toe hy redakteur van *Land en Volk* word. T.J. Meyer was sowel eienaar as redakteur van die koerant. (Du Toit 1940:9) en dit was die enigste werklik onafhanklike Nederlandstalige koerant in die Republiek. Die koerant het die eerste keer in 1887 verskyn (Du Toit 1940:20). In Julie 1891 neem Marais in vennootskap met J. de V. (Jimmy) Roos die eienaarskap van *Land en Volk* oor.³ Marais behartig egter alleen die redaksie. Aan die einde van 1892 vertrek Roos Kaap toe en koop Marais sy aandeel in *Land en Volk* uit (De Kock 1958:12), dus is hy daarna alleeneienaar én redakteur.

Toe Marais die redakteurskap van *Land en Volk* in Oktober 1890 oorneem, was hy maar 19 jaar oud, en in beheer van 'n orgaan wat aan sy menings en oortuigings uitdrukking kon gee. Hoewel *Land en Volk* aanvanklik net een keer per week verskyn, is Marais verantwoordelik vir alle kopie, van markberigte tot politieke kommentaar in die redaksionele rubrieke. Soos hier onder aangetoon word, gee hy op velerlei wyses uiting aan sy kritiek.

Marais se werkslading is aanvanklik baie groot, want hy gaan voort om as vryskutjoernalis bydraes vir die *Transvaal Advertiser* te skryf en hy aanvaar 'n uitnodiging om hoofartikels vir *The Press* te lewer (SABW, I 1976:527). Dit is egter sy redakteurskap van *Land en Volk* wat die onderwerp van hierdie bydrae is en daarop sal nou gekonsentreer word.

Daar heers onsekerheid omtrent die begin van Marais se redakteurskap van *Land en Volk* wat by voorbaat opgeklar moet word. Hoewel dit bekend is dat Marais in 1890 redakteur van *Land en Volk* geword het, was daar tot nou toe geen sekerheid oor die presiese datum nie. Die mikrofilmopnames van die koerant begin op 6 Januarie 1891 en die oorspronklike koeranteksemplare voor daardie datum het nie behoue gebly nie. Gevolglik is dit moeilik om die begindatum van sy redakteurskap vas te stel. Volgens Rousseau (1974:27) het Marais in die eerste helfte van 1890 die pos aanvaar. Die biografie van Marais in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* meld slegs die jaar 1890 (SABW, I 1976:527).

Oor die begin van Marais se redakteurskap kan nou uitsluitel gegee word. In 'n hoofberig in die uitgawe van 11 Oktober 1894 skryf Marais dat die vorige

dag, 10 Oktober 1894, nie alleen die President se verjaardag was nie, maar dat *Land en Volk* vier jaar tevore, dus op 10 Oktober 1890, die eerste keer “onder de redactie van een geboren Transvaler” uitgegee is. Dit is duidelik dat hy hiermee na homself verwys, want hy het graag daarop geroem dat hy in die Republiek gebore is. Oktober 1890 is dus die begin van Marais se redakteurskap.

Marais oorhandig op 3 Desember 1896 die redakteurskap aan J.Y. O'Brien (Nienaber-Luitingh 1962:32). Marais se “afskeidsbrief” aan Kruger in November 1896, waarna later weer verwys word, dui ook daarop dat dit sy laaste maand as redakteur was. Dit wil dus voorkom asof hy van Oktober 1890 tot November 1896 die redakteurspos beklee het. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal sy redakteurskap dus oor daardie tydperk van ses jaar bespreek word. Marais was ná die Suid-Afrikaanse Oorlog, oftewel Anglo-Boereoorlog, van September 1902 af wéér by *Land en Volk* betrokke toe die koerant na 'n lang onderbreking weer begin verskyn het. Gustav Preller was toe die redakteur, maar Marais het “die politieke leiding behartig” (Nienaber-Luitingh 1962:42). In 1905 het Marais die koerant weer verkoop (Du Toit 1940:20; Nienaber-Luitingh 1962:45).

Toe *Land en Volk* in Oktober 1890 die eerste keer onder Eugène Marais se redakteurskap verskyn, was hy alreeds as ingeskrewe prokureursklerk in die prokureursgenootskap Kuranda en Marais werksaam. Nadat hy die redakteurskap oorgeneem het, gaan hy aanvanklik met hierdie werk voort, want *Land en Volk* verskyn maar een keer per week en dit is nie 'n voltydse werk wat veel inkomste oplewer nie. Marais was goed toegerus vir hierdie joernalistieke taak, aangesien hy toe reeds 'n tyd lank as rubriekskrywer vir die *Transvaal Advertiser* gewerk het en trouens al op skool in die Paarl as joernalis van die Union Debating Society skoling in die skryf van goeie prosa gehad het (Marais 2009:85–6).

1.2 Land en Volk se verhouding tot ander koerante in die ZAR

Die situasie wat *Land en Volk* in die jare 1890–1896 met betrekking tot die Krugerregering beklee, kan behoorlik begryp word slegs indien die eienaarskap en politieke agendas van die ander koerante in die ZAR in hierdie jare in aanmerking geneem word.

De Volksstem is reeds in 1873 deur Jan F. Celliers gestig, maar hy het in 1881 die koerant en die gepaardgaande drukkerij aan die regering verkoop (SABW, II 1986:130). Dit was teen 1890 reeds as wydgelese Nederlandstalige koerant in die ZAR gevestig. In 1889 word F.W. Engelenburg, wat vroeër daardie jaar uit Nederland in Suid-Afrika aangekom het, die redakteur (SABW, I 1976:288). Engelenburg steun die Krugerregering se beleid en optrede openlik, hoewel hy soms aspekte daarvan bevraagteken. *De Volksstem* ontvang ook deurgaans die meeste van die regeringsadvertensies, wat baie lonend vir die koerant is.

Afgesien van *De Volksstem* is die ander Nederlandstalige koerant in Pretoria *De Pers*. Hierdie koerant is 'n weekblad, terwyl sy Engelstalige eweknie, *The Press*, twee keer per week verskyn (SABW, I 1976:910). Die twee koerante is in 1889 deur die nyweraar en spekulant A.H. Nellmapius gestig (SABW, IV 1981:427). *The Weekly Press* is later by dié twee koerante gevoeg. Toe Nellmapius in 1893 oorlede is, koop die mynmagnaat J.B. Robinson, wat 'n geesdriftige ondersteuner van die Krugerregering is, die twee koerante (SABW, I 1976:910).

In Januarie 1893 verskyn twee briewe van baron Glukstein in *Land en Volk* waarin hy heelwat inligting omtrent die geskiedenis van *De Pers* en *The Press* meedeel. In een van die briewe verduidelik Glukstein baie dinge wat met die eerste oogopslag nie vir die hedendaagse leser of navorser bekend is nie. Hy vertel dat hy deur Nellmapius versoek is om as redakteur *De Pers* en *The Press* van stapel te stuur.⁴ Glukstein het mettertyd agtergekom dat eensydige inligting tot sy beskikking gestel is wat die Krugerregering in 'n goeie lig gestel het. Hy voer aan dat sy vernaamste bronne van inligting eerstens die President self is, by wie se woning hy dikwels inligting aanvra, tweedens W.J. Leyds, die staatsekretaris, en derdens Nellmapius. Hy besef dat daar nie van die redakteur verwag is om 'n bevoegde en eerlike joernalis te wees nie; hy moes eerder op instruksies van sy meesters “liegen en bedriegen”, soos hy dit stel. Hy het uitgevind dat verskeie konsessiespekulante belange in die blad het en dat hulle Nellmapius van geld voorsien. Hy is ook meegedeel dat die regering self 'n aandeel in *De Pers* het. Boonop het *De Pers* jaarliks 'n aansienlike bedrag van die regering ontvang, gedeeltelik deur middel van advertensies.⁵

Die “klik”, soos Glukstein Nellmapius en sy medespekulante noem, het mettertyd besluit om van hom ontslae te raak. Leo Weinthal, 'n steendrukker, is in sy plek aangestel. Weinthal was in daardie stadium as litograaf in diens van die staat werksaam (SABW, I 1976:810). *The Press* en *De Pers* is dus toe stewig deel van die “klik”.

Die “konsessionarisklik” is volgens Glukstein ook aandeelhouers in *The Star* en *The Standard and Diggers' News* van Johannesburg. Cecil John Rhodes is die grootste aandeelhouer in *The Star*. Dit is in die hande van H. Eckstein & Kie, Rhodes se plaaslike verteenwoordigers, wat op sy beurt 'n filiaal van die firma Wernher, Beit & Kie is. Edward (of Edouard) Lippert, die grootste aandeelhouer in *The Standard and Diggers' News*, wat die ontvanger van die omstrede dinamietkonsessie was, het volgens sy eie verklaring ook 'n aandeel in *The Press* en *De Pers*.⁶ Albei blaaië is sterk Krugergesind en spreekbuise vir die regering.⁷ Die *Standard and Diggers' News*, “Lippert se dinamietjoernaal”, soos Glukstein dit noem, het ook aan die klik van konsessionarisse behoort. Daarbenewens is Weinthal die Pretoriase korrespondent van die *Star* en die *Standard and Diggers' News*. Weinthal is ook die verteenwoordiger van die nuusagentskap Reuters in die Republiek.

Afgesien van die genoemde koeranteis daar die *Mining Argus* van Johannesburg, die eiendom van die gewese mynkommissaris van Johannesburg, Jan Eloff (SABW, III 1977:277), *The Transvaal Critic*, *The Transvaal Leader* en die *Johannesburg Times*, laasgenoemde ook die eiendom van J.B. Robinson. Hoewel Glukstein 'n grief teen Nellmapius gehad het, kan die inligting wat hy in sy briewe verskaf as redelik betroubaar beskou word, aangesien hy die koerantwese in die ZAR uit eie ervaring as redakteur geken het en veral kennis gedra het van die sogenaamde spekulate wat koerante besit het.

De Volksstem is in hierdie jare nie veel in Johannesburg gelees nie en is nie baie ernstig deur die mynbevolking en mynbase opgeneem nie (Cutten 1935:66). In elk geval speel die stryd tussen die pro-Kruger- en die anti-Kruger-koerante hom hoofsaaklik in Pretoria af, met *De Volksstem* en *De Pers* as spreekbuis vir Kruger en *Land en Volk* as kritikus van sy regering. Die burgers in Pretoria en op die platteland maak die oorgrote meerderheid van die kieserskorps uit en sowel Marais as die pro-Kruger-koerante se redakteurs het deeglik besef dat hulle menings uiteindelik die politieke toekoms van die ZAR sou bepaal.

Weinthal is as verteenwoordiger van die nuusagentskap Reuters van sekere inligting voorsien of het dit moontlik selfs van regeringslede gekry. Al hierdie inligting is deurgaans positief vir Kruger oorgedra. Dit is aan die *Star* en *Standard and Diggers' News* getelegrafeer en deur die Reutersagentskap aan elke koerant in Suid-Afrika en Engeland gestuur. Piet Joubert, wat Kruger in die presidentsverkiesing van 1893, soos in dié van 1883 en 1888, teengestaan het, is op vyandige wyse deur die pro-Kruger-koerante aangeval.⁸ *Land en Volk* is die enigste Nederlandstalige koerant in Pretoria wat Joubert se kandidatuur gesteun het. Marais het dus 'n alleenstryd gevoer wanneer ongerymdhede aan regeringskant aan die lig gekom het. Hy besef dat Joubert tekortkominge het (Rousseau 1974:53), maar kwessies soos die spaaidere-aangeleentheid en die sogenaamde Eloff-konsessie het hom oortuig dat hy Joubert in sy opposisie teen Kruger moet steun. Die posisie wat *Land en Volk* teen so 'n oormag Krugergesinde koerante – by name *De Volksstem* en *The Press* en *De Pers* in Pretoria – inneem, het beslis tot Marais se uitgesproke en uitdagende kommentaar bygedra. Hy het in sy kommentaar sy gewete gevolg en eerlik en volgens eie insig kommentaar gelewer.

Glukstein noem ook 'n paar voorbeelde om sy teorie van samespanning tussen regering en konsessionarisse te illustreer. Wat die dinamietkonsessie aan Lippert betref, vra hy byvoorbeeld hoekom Lippert nie van smokkelary aangekla is omdat hy dinamiet onder die naam “guhr impregne” ingevoer het nie, en waarom aan Frik Eloff, Kruger se skoonseun, onwettige konsessies toegestaan is.⁹

Teen hierdie agtergrond is dit miskien te verstane dat Marais dikwels na *De Pers* en *De Volksstem* onderskeidelik as *De Pest* en *De Volkssmet* verwys het.

Daarom sluit hy 'n artikel in verband met die presidentsverkieping van 1893 af met die woorde: “Dus hebben wij Kruger, zijne concessionarissen, speculatoers, Hollanders en de raadsleden die alles te vreezen en niets te wennen hebben by eene verandering, met de omgekochte drukpersdie hier in het land de herkiezing van Kruger voorstaan.”¹⁰

Wat die geld betref wat *The Press* en *De Pers* volgens Glukstein se bewering van die regering ontvang het, moet vermeld word dat dit algemene kennis was dat die regering vir daardie uitgawe begroot het. Toe die begrotingspos vir dié uitgawe in Julie 1892 in die eerste volksraad bespreek is, het verskeie lede daarop gewys dat hierdie twee koerante twee derdes van die bedrag ontvang het, alhoewel daar 25 koerante, insluitend dié op die platteland, in die ZAR was.¹¹ Dit was ook bekend dat die regering sy litografiemasjien gratis aan *De Pers* gegee het en dat op daardie masjien 'n kaart vir skoolgebruik gedruk is waarvoor die koerant 'n rekening vir £200 aan die staat gelewer het.¹²

Die President herhaal in die bogenoemde debat sy “onrepublikeinse leer”, soos Marais dit noem, dat hy koerante moes betaal om ten gunste van die regering te skryf, of in die woorde van een volksraadslid, die regering se foute te verbloem.¹³ Tydens die debat haal R.K. Loveday die argument van Kruger by 'n vorige geleentheid aan “dat, indien de Regeering geen advertensies aan couranten gaf, deze teen de Regeering zouden gaan schrijven.”¹⁴ Hierdie keer verklaar Kruger: “Er moet een courant zijn om onze zaken aan de gansche wereld bekend te maken. Elk een verdedigt de zijne, moet de staat ook niet hare zake verdedigen tegenover zoveel misvattingen en verkeerde voorstellingen van zaken?”¹⁵ Loveday merk ook op dat geldskenkings aan koerante juis beteken “om zand in de oogen van het publiek te strooien”.¹⁶ Aan *De Pers* is in 1890 en 1891 onderskeidelik bedrae van £2 165 en £2 405 gegee.¹⁷ In 1895 ontvang *Die Pers* £2 250 en die *Volksstem* 'n bedrag van £1 470. *Land en Volk*, daarenteen, ontvang niks nie en kry ook nie regeringsadvertensies om te plaas nie.¹⁸

1.3 Land en Volk se vyandige verhouding met De Volksstem

Dit is duidelik dat *Land en Volk* en *De Volksstem* nie langs die dieselfde vuur gesit het nie. Die gespanne verhouding tussen die twee koerante blyk onder andere uit 'n twis wat in Junie 1892 tussen die twee redakteurs ontstaan nadat *Land en Volk* agt naamlose briewe aan die redakteur publiseer waarin die skrywers hul instemming met die koerant se politiek verklaar. *De Volksstem* beskuldig Marais daarvan dat hy die briewe self geskryf het.¹⁹ Marais bestempel dit as 'n leuen. Hy stuur 'n paar van die oorspronklike handgeskrewe briewe aan Engelenburg om dit te bewys. In 'n volgende uitgawe van *De Volksstem* trek Engelenburg sy aantyging terug, maar sonder om werklik sy fout te erken. Oor die naamlose briewe beweer hy dat hy in sy kritiek gewys het op die uiters geringe waarde wat die leserspubliek aan dergelyke private menings kan heg en dat sulke anonieme briewe geen groter gewig kan dra nie as wanneer dit deur “de uitgevers zelve van *Land en Volk*

waren gepubliseer”.²⁰ Marais wys daarop dat Engelenburg hoegenaamd nie verwys na die waarde van naamlose korrespondente in die algemeen nie, dus was sy verskoning net so leuenagtig as sy oorspronklike beskuldiging. En aan *De Volksstem* se redakteur, wat drie jaar tevore uit Nederland na Suid-Afrika gekom het, voeg hy toe: “Wij weten niet veel van de zeden en gewoonten van Holland. Genoeg weten wij echter om ons volk aan te raden hunne kinders liever naar een schoolplaats te zenden dan naar Holland om hunne opvoeding te krijgen.”²¹

Die vyandskap tussen *Land en Volk* en die regeringsgesinde koerante blyk ook duidelik uit ’n redaksionele artikel in Desember 1892 wat onder die skuilnaam Kees in *Land en Volk* verskyn. Die skrywer is waarskynlik Marais self. Die brief lui: “Mijnheer, zaken loopen zoo verskriklijk dat ik waarlijk angstig voel voor opstand. En weet u wie daarvan de oorzaak sal zijn? De twee Hollander couranten, naamlik *De Pers* en *De Volksstem*. "Hy verwys na die beledigings wat Piet Joubert as teenstander van Kruger in die presidentsverkiezing toegevoeg is en skryf: “De President en Regeering, Volksraad, Commandanten, Veldcornets, wat ook maar een amptenaar is, kan groote of kleine fouten maken zoo veel als zij willen, maar zullen de twee Hollander couranten iets van een fout laten hooren? Al wat zij doen is goed. Zijn deze nu couranten?”²²

Marais is nie heeltemal alleen in sy bedenkinge omtrent aspekte van Kruger se regeringstyl en -beleid nie. Hy is in sy mening deur eendersdenkendes gesterk. Een van hulle was Ewald A. Esselen, ’n begaafde regsgeleerde uit die Kaapkolonie, wat in 1894 as staatsprokureur in die ZAR aangestel is, maar die volgende jaar weer bedank het om privaat as prokureur te praktiseer (SABW, V 1987:264). Esselen is ook in 1893 die voorsitter van Joubert se verkiesingskomitee en sy ondersteuning beteken ongetwyfeld baie vir Marais.

2. *Land en Volk* se kritiek op die Krugerbewind

In Marais se deurlopende kritiek op Paul Kruger se beleid en optrede is dit veral die Krugerregering se konsessiebeleid, die aanstelling van Nederlanders in belangrike staatsposte, sy nepotisme en goedpraterij van die regering se foute wat onder Marais se giftige pen deurloop. Sy kritiek bereik ’n hoogtepunt tydens die presidentsverkiezing van 1893. Marais se argwaan is verwek deur verskeie gevalle van bedenklike optrede deur Kruger, sommige staatsdepartemente en Kruger-gesinde volksraadslede, wat hy aggressief aan die kaak stel.

Daar kan nie in ’n artikel van hierdie omvang na alle aspekte van die Krugerbewind waarop Marais kommentaar gelewer het, verwys word nie. Die dinamietmonopolie is byvoorbeeld ’n kwessie wat oor baie jare (van 1881, toe dit die eerste keer toegestaan is, tot die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899) voortgesleep het en toe nog steeds omstrede was (J.S. Marais

1961:27–33). Aangesien Marais vir net ses jaar redakteur van *Land en Volk* was, sou dit nie veel sin hê om slegs sy reaksie en kommentaar op dié konsessie van 1890 tot 1896 te bespreek nie, omdat dit as 't ware in die lug sou hang. Dit geld ook ander beleidsaspekte van die Krugerregering, soos sy spoorwegbeleid, wat op sigself by wyse van inleiding al 'n redelik lywige bespreking sou vereis, nog voordat daar op *Land en Volk* se kommentaar daarop gekonsentreer word, asook die regering se buitelandse beleid en sy verhouding met Brittanje. Daar sal dus net terloops na spoorwegkwessies en ander meer omvangryke aspekte van Kruger se beleid verwys word in soverre dit die aspekte wat wel bespreek word, beïnvloed het. Hierdie artikel konsentreer op minder omvattende kwessies, dikwels “skandale”, soos dit in *Land en Volk* en in die omgang bekend was, wat volledig in die jare 1890 tot 1896 afspeel, waarvoor Marais in *Land en Volk* kommentaar lewer. Die kwessies wat wel behandel word, behoort in elk geval 'n goeie aanduiding van die aard van Marais se redakteurskap te gee.

Hierdie ondersoek moet nie as 'n bespreking en ontleding van die Krugerregering se beleid beskou word nie. Daarvoor is daar ander goeie werke oor die tydperk 1881 tot 1899 beskikbaar. Dié artikel handel slegs oor die reaksie van Marais in *Land en Volk* op Kruger se beleid en optrede en die aard en invloed van sy redakteurskap.

2.1 Die spaaiderkwessie

Een van die eerste kwessies waarop Marais heftige kritiek lewer, is die sogenaamde spaaiderskandaal.

Laat in 1890 word dit bekend dat 'n aantal volksraadslede spaaiders as geskenke ontvang het. Trouens, hulle en hul vrouens is op die nuwe rytuie in Pretoria se strate gesien.²³ Daar is sprake dat horlosies en geld ook van hande verwissel het. Vyf jaar later, in Januarie 1895, toe die verkiesing van volksraadslede moet plaasvind, ontvang Marais heelwat briewe van kiesers wat inligting omtrent die betrokkenheid van raadslede by die spaaiderkwessie versoek. Hy skryf toe dat die volksraadslid Barend J. Vorster in Augustus 1890 aanvanklik nege en later nog 15 spaaiders gekoop het, moontlik met die oog daarop om dit as omkoopgeskenke te gebruik. Marais noem selfs die handelaars van wie dit gekoop is, die name van persone wat dit ontvang het en die waarde van die rytuie.²⁴

Die nuus van die spaaidergeskenke is uit baie oorde met ontsteltenis begroet, omdat konsessies op hierdie manier verkry kon word deur volksraadslede se stemme daarmee te “koop”. Dit is juis dié tyd toe die moontlikheid van 'n konsessie vir die bou van die Selati-spoorweg in die volksraad onder bespreking is (J.S. Marais 1961:41–2). Die kwessie trek in Januarie 1891 wye aandag in 'n brief namens Kruger aan *De Volksstem* deur F.C. Eloff, sy private sekretaris en skoonseun.²⁵ Op 19 Januarie 1891 doen *De Volksstem* die ongewone ding om negatiewe kommentaar op die President se hantering van

die spaaidergeskenke te lewer. Die redakteur spreek sy teleurstelling uit dat Kruger bloot enige verband tussen die geskenke en die bespreking van enige konsessie ontken. Kruger argumenteer eerder in die brief namens hom en in 'n mondelinge verklaring op Rustenburg dat dit, in die algemeen gesproke, "niet verboden is om presenten aan te nemen".²⁶

Marais tree dadelik tot die stryd. Toe *De Pers* die President te hulp snel en redeneer dat daar geen kwaad in steek as B aan A 'n present gee by geleentheid van A se verjaardag of as A se dogter trou nie, kap Marais terug deur te skryf dat die koerant versuim het om te sê of enige van die volksraadslede wat spaaiders of iets anders ontvang het, "juis in di tyd verjaar of dogters laat trou het!".²⁷ Dit is kenmerkend van die snydende kommentaar van Marais in hierdie tyd op politici se optrede. In dieselfde uitgawe verskyn 'n brief uit Rustenburg van ene Burger, S.A.R., wat onder meer dié stelling bevat: "Daar is knoierij (sic) en omkoopery in di Republiek wat ons arme burgers hier buite niks van weet ni", en later volg die versigtige bewoording: "Ek se (sic) ni dat hulle omgekoop was nie, maar dit lyk tog daarna."²⁸ In die volgende uitgawe verskyn daar weer 'n brief gerig aan die burgers en kiesers uit die distrik Lydenburg onder die skuilnaam Spider Kwessie wat verder sout in die wonde vryf. Twee weke daarna volg 'n brief van Belangstellende wat onder meer sê: "Di saak is ni te verhelp ni. Presente is gege (sic) en geneem."²⁹ So gaan die spaaideraangeleentheid voort om kragtige kommentaar in *Land en Volk* te ontlok. Vroeg in April 1891 verskyn 'n berig onder die opskrif "Alweer die spiders" wat volgens die onderskrif uit die *Patriot* oorgeneem is. Dit eindig soos volg: "[A]lmal seg: Ja, di raadslede het di persente (sic) aangeneem, mar hulle het nie hulle stem daarvoor verkoop nie. Maar sou die Franse maatskappy dan uit pure mensliewendheid 'n baron uitgestuur het net om an die Transvaalsche raadslede persente te kom gee."³⁰ Dit is 'n verwysing na die verteenwoordiger van 'n Franse maatskappy, baron Oppenheim, wat gepoog het om 'n konsessie vir die bou van die Selati-spoorweg te beding.

In 'n brief in *Land en Volk* later in April 1891 onder die skuilnaam Belangstellende is daar na Kruger se besoek aan Bethal verwys. Die briefskrywer vertel dat die President, soos 'n regte landsvader, vir die volksraadslede in die bresse wou tree "in hun toestand van verdenking omtrent de spyder-konsessie-geskiedenis". Teen die einde van die brief sê hy: "[A]ls er geschenken genomen worden, en dat er verwarring oor komt, [...] dan is het tot oneer van ons dan wekt het wantrouwen op, en brengt verstorning aan, zooals de ervaring het nu reeds leert, o[nder] a[ndere] Spreuke 29:4."³¹ Dié vers lui in die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983: "'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belastings oplê, rüneer 'n land." Dis heel moontlik dat Marais self hierdie brief onder 'n skuilnaam geskryf het.

Marais is lief daarvoor om Bybelverse aan te haal om die President op godsdienstige terrein by te kom, want hy weet dis 'n teer saak vir Kruger. By een geleentheid haal hy in verband met die spaaiderkwessie vier Bybelverse aan wat teen die aanneem van geskenke waarsku, onder andere Prediker 7:7b³²

wat in die Afrikaanse Bybel lui: “’n Omkoopgeskenk vernietig die goeie oordeel.” Hy gee toe dat die President self ’n slim man en uiters godsdienstig is, dat hy sy Bybel ken en ook dikwels preek. Dan vervolg hy uitlokkend: “Dis mar di dom mense wat die Bybel ni kan verstaan ni. Lat dan di *Volksstem* sê wat hy wil; lat dit *lyk* of di Bybel dit veroordeel; ons president weet beter as ons, en as hy dwaal, dan dwaal ons mar met hom saam.”³³ Die spaaiderkwessie sou jare daarna nog, naas ander kwessies, deur Marais in *Land en Volk* opgehaal word om Kruger se bewind te kapittel.

Teen die middel van 1892 lok die volgehoue en goedberedeneerde kritiek in *Land en Volk* op sake soos die spaaiderkwessie al groot waardering van die publiek uit. Uiteindelik is daar ’n Nederlandstalige blad wat onbevrees kritiek uitspreek waar dit gepas is. Dit dra tot groot steun vir die koerant by. Dit is duidelik uit die toenemende getal briewe aan die redakteur. ’n Brief van Weerman uit Houtboschberg in Soutpansberg in Junie 1892 stel hierdie steun en waardering vir die koerant duidelik. Die skrywer loof Marais en die koerant “als verdediger van ons dierbaar land en duurgekochte vryheid,” en vervolg: “want u geëerd blad schijnt werkelijk de stem des volks te zijn [...]; *Land en Volk* is werkelijk een zegen voor ons land.”³⁴ ’n Brief van Takhaar druk soortgelyke sentimente uit: “Wij hebben besloten u meer dan ooit te ondersteunen en u door dik en dun ter zijde te staan, dus mijne heeren, houdt moed, komt uit met de waarheid, wees verzekerd, gij hebt de sympathie van de grootste meerderheid van de burgers der Z.A.R.”³⁵ Dit blyk ook dat president Kruger deeglik bewus is van die inslag wat *Land en Volk* se skerp kritiek by die gewone burgers vind, onder meer uit ’n uitspraak van hom op Volksrust in April 1891 toe hy en Piet Joubert die dorp besoek. Kruger sê by dié geleentheid *Land en Volk* het “geen ander doeleinde nie as om verdeeldheid onder die volk te bring”.³⁶ Hierdie opmerking verklap ten minste dat Kruger deeglik van die koerant se kritiek bewus is.

2.2 Hollanderstaatsamptenare

Die bogenoemde brief van Takhaar vaar ook uit teen die baie Nederlanders in diens van Kruger se regering. Takhaar vra onomwonde na aanleiding van ’n berig in die *Cape Monthly Magazine* of dit waar is “dat Nellmapius en Dr. Leyds de grootste raadgevers van den President zijn?” Hy voeg by dat as dit waar is, dit ’n skande is “dat ons land nu werkelijk door een Jood en een Hollander geregeerd wordt”.³⁷ Ontevredenheid omtrent die aanstelling van Nederlanders in staatsposte in die ZAR is toe al redelik algemeen onder die burgerbevolking.

Onder die Nederlanders wat staatsposte in die ZAR beklee, is W.J. Leyds waarskynlik die ongewildste by die gewone burgers. Hy het as student in die regte uitstekend in Nederland geprester en ’n doktorsgraad behaal en is alreeds in 1884 deur Kruger tydens ’n besoek aan Europa vir hoër diens in die ZAR geormerk. In Oktober 1884 het hy diens as staatsprokureur aanvaar toe hy slegs 25 jaar oud was, en in 1889 het hy staatsekretaris geword (SABW, I

1976:530). Leyds was 'n uiters bekwame staatsekretaris, maar hy en sy vrou was gekultiveerde mense en het beslis op die minder opgevoede en onverfynde burgers van die ZAR neergesien. Vroeg in sy loopbaan het hy in 'n private brief neerhalende opmerkings oor enkele vooraanstaande Transvaalse Afrikaners gemaak. Die opmerkings het gou bekend geword en hom van meet af aan in die Republiek ongewild gemaak. Voordat hy in 1892 as staatsekretaris herkies is, was daar heftige teenkating daarteen, soos blyk uit die talle memories teen sy herkiesing wat die volksraad bereik het.³⁸ Marais stel in *Land en Volk* die getal memorialiste téén Leyds se herkiesing op 2 500,³⁹ en beweer dat hy teen die uitdruklike wens van die volk herkies is. In die uitgawe van *Land en Volk* waarin Marais Leyds se berugte brief gedateer 18 November 1886 aan D.H. Schmöll herpubliseer, word die volgende woorde van Leyds in hoofletters weergegee: “Vertrou generaal [Nicolaas J.] Smit [van 1885 tot 1887 Volksraadsvoorsitter en daarna tot sy dood in 1896 visepresident] niet te veel. Hij is een man niet zonder goede eigenschappen, maar geheel zonder karakter.” En oor Piet Joubert, die held van Majuba, skryf Leyds: “De Sleutel tot Piet Joubert's gedrag moet gij zoeken in zijne jaloezie op den president. Zijn candidaatschap voor den presidentszetel was in den tijd zeer ernstig gemeend. Elken keer dat hy ‘President’ teen een ander moet zeggen doet het hem leed. Hij haat daarinboven de Hollanders met een innigen haat.”⁴⁰ Hierdie opmerkings jaag Marais en Joubert se ondersteuners verstaanbaar die harnas in.

Dit is opmerklik hoe *De Volksstem* se kommentaar oor Leyds se herkiesing lynreg van dié van *Land en Volk* verskil. *De Volksstem* veroordeel die aanvalle op Leyds skerp en wens die regering met die heraanstelling geluk.⁴¹

So heftig raak die gevoel teen Nederlanders in die staatsdiens dat 'n brief aan die redakteur wat in Maart 1891 onder die opskrif “Hans se brief” in *Land en Volk* verskyn, onder meer dié stelling bevat: “Wat help dit om in harnes (sic) te bly vir di Suid-Afrikaanse saak, terwyl Paul Kruger hemsself omring met Hollanders – di eenigste waaragtige vyande van di Republiek.”⁴²

Afgesien van Leyds was daar ander Nederlanders in hoë poste. Onder die opskrif “Die een en Anner (sic)”, met die subopskrif “Deur een Transvaal Boer”, is daar kort hierna hieroor geweeklaag: “[E]en Hollander vir Superintendent [van Onderwys]; een Hollander vir Secretaris [Leyds]; Hollanders vir Schoolinspekteurs; niets dan Hollanders waar een mens mar kyk.”⁴³ En in 'n samespraak tussen Neef Piet en Neef Gaweriel sê Piet vir Gaweriel: “Julle is mos partydig ver die Hollanders, tot julle dokter is een Hollander, julle gaat agter die president aan, maar glo my, julle dage is getel.”⁴⁴ Nog 'n hoogs snedige kommentaar, wat waarskynlik uit Marais se pen kom, verskyn onder die skuilnaam Kees uit de Bergen: “Zingt een lied, de Hollanders moeten wij bewaren in tijd van oorlog, dan moet de Babejanen op de Posten en de Hollanders moeten op kantoor.”⁴⁵ Nog venyniger is die volgende redaksionele kommentaar: “[M]aar nu heeft hij [Kruger] een lot

dronklap Hollanders die best schryven wanneer zij in de 'Horrors' zijn, en een lot Jooden voor baasen die steelen en liegen waar zij kunnen bijkomen.”⁴⁶

'n Ander Nederlanderamptenaar teen wie Marais uitvaar, is Sytze Wierda – staatsingenieur en -argitek van die ZAR, wat ook as hoof van die departement openbare werke vir die bou en onderhoud van paaie en brûe verantwoordelik was (SABW, III 1977:864). In 'n snydende aanval op Wierda en sy “mooi commando Hollanders” skryf Marais dit is moeilik om oor die toestand van die openbare werke te praat “zonder om woorden te gebruiken die misschien niet in een respectabele nieuwsblad thuis behooren”. Hy beweer dat Wierda se departement groot en nuttelose uitgawes aangegaan het en onder andere verwys hy na 'n dam wat vir die President op sy plaas Geduld op staatskoste gebou is en dat die dam nie in die openbare belang is nie.⁴⁷

Ook oor Gerrit Ribbink lewer *Land en Volk* bitsige kommentaar. Ribbink is in 1892 as klerk uit die departement mynwese in Johannesburg ontslaan, 'n rukkie daarna weer as klerk by die departement aangestel en toe weer as verantwoordelike klerk te Steynsdorp. Hy is egter weer ontslaan sonder dat enige redes verskaf is. Vroeg in Februarie 1892 onthul die *Advertiser* dat dit oor 'n tekort van £98 in sy kantoor is.⁴⁸

Marais verneem hierna van 'n vriend van Ribbink en verantwoordelike klerk by die departement, Izaak van Vooren, dat die tekort in Ribbink se kas was, maar dat dit moontlik van sy voorganger oorgebring is. Ná *Land en Volk* se berig hieroor stel Ribbink 'n klag van laster teen die koerant in en uitspraak is op 22 Junie 1892 gelewer. *Land en Volk* is met £10 beboet en moes ook regskoste betaal. Dit is opvallend dat die hoofregter tydens die uitspraak verklaar dat hy met regter De Korte se bevinding saamstem, alhoewel laasgenoemde bevind het dat die artikel wel vir 'n onskuldige betekenis vatbaar was, met ander woorde, dat dit nie 'n geval van bedoelde of opsetlike laster was nie, maar wel kritiek op die regering, of ten minste een van sy departemente.⁴⁹

Marais se verweer is dat hy aanvanklik 'n berig oor 'n amptenaar gepubliseer het wat nooit deur die betrokke persoon weerspreek is nie. Dit is 'n verslag in goeder trou wat alreeds oor dieselfde amptenaar in 'n ander koerant (die *Advertiser*) verskyn het en wat nie teen die persoon gemik is nie, maar wat die optrede van 'n regeringsdepartement kritiseer. Die hof is egter van mening dat *Land en Volk* meer inligting moes bekom het voordat dit die tweede berig gepubliseer het.⁵⁰

Marais wys in 'n volgende uitgawe van die koerant op die bedenklike handelwyse van die volksraad: wanneer knoeiery aan die lig gebring word, dan blameer die volksraad nie diegene wat hierdie dinge pleeg nie, maar die mense wat dit openbaar maak.⁵¹ Hy verwys ook na 'n mosie wat deur Barend Vorster in die tweede volksraad voorgestel is om hom deur middel van 'n hooggeregshofbevel te dwing om die naam bekend te maak van die raadslid

wat aan hom dokumente in die Ribbink-saak verskaf het. Vorster trek dit egter in die aangesig van sterk teenstand terug. Jan de Beer slaan in die eerste volksraad dieselfde weg in, maar besluit op 'n wenk van die President om dit liever deur middel van die regering vas te stel.⁵² Die staatsekretaris maak daarna in die raad bekend dat Ribbink ontslaan is ingevolge 'n ooreenkoms tussen die President en die kommissaris van mynswese.⁵³

Hoewel die uitspraak téén *Land en Volk* is, tree die koerant sterker uit die lastersaak as tevore. Sy naam is oral in gesprekke gebruik en Marais het Barend Vorster trouens bedank vir die “welgeslaagde poging om onze courant door de lengte en breedte van Zuid-Afrika bekend te maken”.⁵⁴ Kort ná die hofspraak skryf Intekenaar in 'n brief dat hy die koerant se strewe om die belange “van ons Afrikaanders te verdedig” waardeur en tien sjielings (een twintigste van die boete) as geskenk insluit.⁵⁵ Dit blyk ook duidelik uit Marais se verklaring dat hy die berig oor Ribbink geskryf het “voor de bevordering van het politiek der courant – de bescherming van Afrikaners”. Hy kla ook kort ná die hofspraak daarvoor dat die begroting van die departement mynswese toon dat Willem Stiemens, “Afrikaner en oudste klerk op het kantoor”, geen verhoging ontvang nie, maar Christiaan Joubert, hoof van mynswese, 'n voorgestelde verhoging van £300 en Izaak van Vooren een van £275, en dat 'n nuwe pos met 'n salaris van £350 vir Ribbink geskep is.⁵⁶ Dit sou nie die laaste keer wees dat Ribbink die koerante haal nie, soos later bespreek word.

2.3 Die Eloff-waterkonsessie

Die beleid van die Kruger-bewind om nywerheids- en munisipale konsessies toe te ken is in J.S. Marais (1961) en elders bespreek. Al hierdie konsessies lok in *Land en Volk* groot kritiek uit, maar dit sou 'n hele boek verg om daarvoor te skryf. Daar is egter een konsessie waarteen Marais geweldig sterk uitgevaar het: die reg om water uit die Vaalrivier vir munisipale gebruik Johannesburg toe te bring. Dit het spoedig in die omgang en in die pers as die Eloff-konsessie bekend geword.

Die verloop van sake omtrent die konsessie is soos volg: Op 14 Junie 1890 bring president Kruger 'n besluit van die uitvoerende raad voor die volksraad. Dit versoek die volksraad om die regering te magtig om 'n konsessie te verleen om water uit die Vaalrivier na Johannesburg te bring.⁵⁷ In werklikheid is 'n konsessie reeds op 27 November 1889 toegestaan, meer as ses maande voordat die sitting begin het. Die konsessiedokument is in die *Staatskoerant* van 4 Desember 1889 gepubliseer.⁵⁸ Hierdie dokument is nie voor die volksraad gelê nie.⁵⁹ Die konsessionaris was F.C. (Frik) Eloff, skoonseun en private sekretaris van president Kruger, en Carl Schürmann. Die regering het op eie houtjie op 27 November 1889 die konsessie verleen en Kruger het in die debat erken dat hy ander dergelyke versoeke ten gunste van dié van sy skoonseun-hulle van die hand gewys het.⁶⁰

Marais het snuf in die neus gekry. Hy het die notule van die volksraad nagegaan en ook 'n kopie van die konsessiedokument gedateer 27 November 1889 van die Registrateur van Aktes verkry. Die konsessie bepaal dat die konsessionarisse binne ses maande ná 27 November 1889 behoorlike planne en bewyse van toekenning van die werk aan kontrakteurs moes voorlê. Dit is nooit gedoen nie. Daarbenewens is bepaal dat die werk binne 18 maande ná goedkeuring van die planne deur die regering 'n aanvang moes neem. 'n Waarborgbedrag van £1 000 moes ook ná die regering se goedkeuring by die tesourier-generaal se kantoor inbetaal word en ook dít is nooit gedoen nie. Marais verklaar dus regtens dat die Eloff-konsessie verval het.

Jan F. Celliers, die voormalige redakteur van *De Volksstem* en in daardie stadium lid van die tweede volksraad, beloof ná 'n onderhoud met Marais om ondersoek in te stel en sy mening oor die aangeleentheid te gee. Celliers se skriftelike bevinding is volledig in *Land en Volk* van 16 Januarie 1893 weergegee.⁶¹ Celliers beklemtoon dat wat die regering – en Kruger – eintlik voor die raad gebring het, 'n versoek was vir toestemming om water uit die Vaalrivier te mag haal. Die President het dit in die bespreking van die konsessie in die volksraad benadruk dat dit dwingend noodsaaklik was om so gou moontlik water na Johannesburg te bring en dat dit die enigste rede is waarom 'n konsessie nodig is. Drie jaar ná die verlening van die konsessie aan Eloff-hulle het hulle egter nog niks gedoen om die magtiging wat ingevolge die konsessie aan hulle verleen is, ten uitvoer te bring nie. Die President het in die volksraad sy spyt uitgespreek dat daar soveel opposisie teen die voorstel was “net omdat de aanvraag een concessie genoemd is” en verklaar dat “deze aanvraag niet zozeer is om eene concessie als om toestemming van den Raad om het water uit de Vaalrivier te halen”.⁶² Op 30 Desember 1892 besluit die uitvoerende raad om die konsessie nie te laat verval nie en om die tydperk van ses maande vir die inlewer van planne te verleng.⁶³

Marais reageer woedend. Reeds op 29 Desember vaar hy in *Land en Volk* teen Kruger en die uitvoerende raad uit: “De concessie is niet uitgevoerd en was nog nooit publiek gemaakt en dus heeft niemand ontdekt hoe de Volksraad misleid werd.” Hy wys daarop dat die Volksraad voorts mislei is deur die raadsbesluit wat aan hom voorgelê is. Daarin word slegs gemeld om aan die Volksraad voor te stel “aan de Regering machtiging te verleen om, met advies en consent van den Uitvoerende Raad, water vanuit Vaalrivier naar Johannesburg en den Witwatersrand te leiden”. Marais wys daarop dat volgens hierdie besluit duidelik aan die volksraad te kenne gegee is dat die regering nog geen konsessie verleen het nie en dat hy daarom goedkeuring en magtiging van die volksraad daarvoor verlang. Toe J.F. Celliers tydens die bespreking in die volksraad sê dat dit uit wat die President gesê het, blyk dat daar met die konsessie geen monopolie daargestel word nie, het Kruger bevestigend geantwoord “dat er geen monopolie voor de levering te Johannesburg, nog voor het leiden van water uit de Vaalrivier was gegeven.”⁶⁴ Dit is die woorde in die amptelike notule soos deur Marais aangehaal. Die besluit is op 14 Junie 1890 voorgelê ten spyte daarvan dat die konsessie reeds,

soos reeds gesê, sewe maande tevore, op 27 November 1889, aan Eloff-hulle toegestaan is en intussen verval het.

In 'n hoofartikel skryf Marais intussen dat verskeie Joodse besigheidslui van Johannesburg die vorige week as verteenwoordigers van die firma Barnato Broers in Pretoria was. Ná onderhandelinge het hulle 'n ooreenkoms met Eloff aangegaan. Daarvolgens het Eloff, soos die gerugte gelui het, onderneem om 'n vernuwing van die konsessie van die regering te verkry. Hy sou £2 000 van hulle ontvang as die konsessie verleng word en ná sedering van die konsessie aan hulle sou hy 'n verdere bedrag van £18 000 ontvang wanneer 'n maatskappy opgerig is om die werk uit te voer. Sonder om 'n graaf in die grond te steek sou Eloff dus £20 000 ryker wees.⁶⁵ "Burgers van de Zuid-Afrikaansche Republiek," vra Marais, "wat denkt gij van deze dingen? Wat wij over het concessie en notulen geschreven hebben is de heilige en eenvoudige waarheid." Die volledige teks van die oorspronklike akte van ooreenkoms gedateer 27 November 1889 tussen die regering en Eloff-hulle is in *Land en Volk* se uitgawe van 9 Februarie 1893 gepubliseer.⁶⁶

Om nog verder sout in die wonde te vryf, rig Marais in *Land en Volk* van 2 Januarie 1893 'n brief onder die skuilnaam Afrikanus Junior aan Kruger.⁶⁷ Hy skryf sonder om doekies om te draai: "Uwe skoonseun, de heer Eloff, (tegelijkertyd amptenaar van de Regeering) heeft een contract gesloten waardoor, indien gelukkig, hij twintig duisend pond zal ontvangen voor iets dat hy nu niet heeft, want de concessie is vervallen. Weet gij Hoog Edele, met welken verschrikkelijken naam daden van dien aard in alle beschaafde landen bestempeld worden? Ik geloof dat het onnoodig zou zijn dat grove woord hier te gebruiken [...] maar Mijn heer, dan wil ik beweer dat deze verschrikkelijke zaak enkel en alleen een groot beginsel van uwe Regeering blootlegd." Marais som voorts die feite omtrent die konsessie op en herhaal dat Kruger se regering sewe maande voordat die volksraad vergader het, 'n konsessie aan sy skoonseun verleen het om water uit die Vaalrivier na Johannesburg te bring. "Gij deed dit zonder kennis van het Volksraad, zonder om aan het publiek de minste kennis ervan te geven. Gij geeft iets persent (sic) dat aan het volk behoorde [die water van die Vaalrivier] zonder om van het volk verlof te vragen." Sewe maande ná die toekenning van die konsessie is die uitvoerende raad se besluit van 14 Junie 1890 aan die volksraad voorgelê. "Wat voor een oordeel zullen wij nu uitspreken over dat Uitvoerende Raadsbesluit?" vra Marais en beweer onomwonde dat die besluit niks anders was nie as 'n poging om die publiek 'n rat voor die oë te draai. Dit is vir hom duidelik dat die opsteller van daardie uitvoerenderaadsbesluit net een doel voor oë gehad het, en dit was om die volksraad en die publiek 'n growwe onwaarheid wys te maak. Vroeër was Kruger se verduideliking dat die regering as regering die reg het om dergelike konsessies sonder goedkeuring van die volksraad te verleen en dat daar bloot om magtiging gevra is om water uit die Vaalrivier te haal. Nee, sê Marais, dit was 'n poging om op slinkse wyse goedkeuring te verkry vir 'n konsessie wat alreeds verleen is. Wat leer die hele kwessie ons, vra hy, en beantwoord die vraag self deur te verwys na

die spreekwoord: “Al loopt een leugen nog zoo snel, de waarheid agterhaald hem wel.” Hy eindig met dié advies aan Kruger: “Geef aan uwe schoonsoon niet het recht om de twintig duisend pond te maken, want de speculatie was geboren in onwaarheid en in onrechtvaardigheid tot stand gebracht.”⁶⁸ In ’n hoofartikel in dieselfde uitgawe vra Marais: “Waarom kan het werk niet direct door de Regeering bij wijze van tender uitgevoerd worden of direct aan een Maatschappij gegeven worden? Waarom moet er eerst op die gruwelijke wijze mee gespeculeerd worden?”⁶⁹

Hierdie openbaring van klaarblyklike misleiding aan die kant van Kruger en die regering in verband met die konsessie veroorsaak vanselfsprekend groot spanning in die verhouding tussen Marais en Kruger. Op 26 Januarie skryf Marais in ’n kort hoofartikel dat daar praatjies in omloop is dat die regering van plan is om die redakteur van *Land en Volk* vir hoogverraad, gekwetste majesteit of een of ander verskriklike misdaad te arresteer oor wat hy in die koerant omtrent die Eloff-konsessie geskryf het. Hy toon egter geen teken dat hy daardeur afgeskrik word nie. Hy herhaal uitdagend: “De heer Fred. Eloff, amptenaar van de Zuid-Afrikaansche Republiek, liet zich omkopen voor twee duizend pond (in de eerste instantie) om een zeker recht van de Regeering te verkrijgen. ZHED. de Staatspresident wist dat Eloff omgekocht was en gebruikte zijn invloed in den Uitvoerenden Raad om aan zijn schoonsoon de geheele omkoop som van twintig duizend pond te verzekeren.”⁷⁰

Selfs die Kaapse blad *Ons Land* skryf oor die Eloff-konsessie: “Het is haast onbegrijpelijk dat een man als Paul Kruger met de concessie zich zoo van het spoor laat brengen. Deze concessie zal wel een muisje met een staartje zijn [...]. Zelfs *De Volksstem* kan geen woord ter verdediging er van zeggen.”⁷¹

Marais se kritiek in *Land en Volk* word mettertyd al hoe skerper en meer persoonlik. Onder die opskrif “Wat voor een President” skryf het hy kort daarna dat die Eloff-waterkonsessie byna iets van die verlede was, maar vervolg: “Over het algemeen genomen wat kan men verwachten van een president die zijn eigen volk van zich verstoten heeft en zijn vertrouwen aan Joden en vreemdelingen geschonken heeft. Voorwaar een fraaie president voor eene Republiek wier vrijheid met bloed gekocht werd!”⁷²

Spoedig word die gerugte oor stappe teen Marais as redakteur ernstiger. In die uitgawe van *Land en Volk* van 23 Februarie 1893 verwys ’n briefskrywer met die skuilnaam De Vaalbaard ook na die moontlikheid dat Marais vervolg gaan word.⁷³

Dit is glad nie vergesog dat ’n koerantredakteur destyds vir “gekwetste majesteit”, oftewel majesteitskennis, voor die hof gedaag is nie. Juis in hierdie tyd moes John Keith, die eienaar van die *Transvaal Advertiser*, op so ’n klag voor die hof verskyn. Dit spruit uit ’n artikel in die rubriek “Amphi Bias” in die koerant van 23 Januarie 1893. Die berig handel oor rekeninge vir uitgawes om die kandidatuur van Kruger in die presidentsverkiesing te bevorder.⁷⁴

Marais was nie alleen in sy skerp kritiek teen Kruger nie. In 'n brief in *Land en Volk* kort tevore skryf 'n O.V.S. Burger dat hy en ander Vrystaters gehelp het om die onafhanklikheid van die Republiek in 1880 te herwin, en vervolg: “Ja, waar was President Kruger se geliefde Hollanders toe? Toen zit hulle kaas eet en jenever drink op de platte land van Nederland [...]. Kruger het te veel neefs, schoonzeuns en Hollanders wat moet erwe van julle goed.”⁷⁵

Teen April 1893 verklaar Marais dat die jongste hoofartikel in *Land en Volk* tot veel bespreking in die uitvoerende raad en regering aanleiding gegee het. So ernstig is die saak beskou dat Leyds en J.H.M. Kock, lid van die uitvoerende raad, 'n onderhoud met die staatsprokureur gehad het en dat die persoonlike vryheid van die redakteur van *Land en Volk* vir drie dae onseker was en “nu zelfs is een arrest voor hoogverraad en kwetsing van de vlekloose Majesteit zijner Koninklijke Hoogheid Paul Kruger iets dat door ons gedurig in het vooruitzicht moet gehouden worden”.⁷⁶

Die ergste gebeur toe nie. Maar spoedig sou 'n konfrontasie met die regering oor 'n ander kwessie Marais wel sy dag in die hof besorg.

Hoewel daar uiteindelik niks van die Eloff-konessie gekom het nie, word dit die spilpunt waaromheen kritiek teen Kruger se konsessiebeleid saamgetrek is. Dit is 'n faktor wat die progressiewe lede van die volksraad en die gemeenskap verenig het in hul afsku van dié eienskappe in verband met konsessies wat hulle afstootlik gevind het – begunstiging en verryking van enkelinge en suiwer spekulasie – wat dit verteenwoordig (Gordon 1970:40).

Frik Eloff was terloops ook by 'n ander skandaal betrokke toe hy en ander volksraadslede na bewering in 1890 omkoopgeld van £500 ontvang het van baron Eugene Oppenheim, wat die Republiek in verband met die beoogde Selati-spoorlyn besoek het (J.S. Marais 1961:42, voetnoot).

2.4 Land en Volk en persvryheid

Op 6 Mei 1893 verskyn 'n berig in *Land en Volk* wat op 10 Augustus herhaal is. Dit handel oor eise vir die reiskoste van Kruger en Leyds na en van Colesberg toe hulle die Kaapkolonie as gaste van die Kaapse regering besoek het. Volgens Marais het Kruger-hulle gedurende die hele sending geen uitgawes vir reis en verblyf gehad nie.⁷⁷ Tog toon 'n ingediende rekening uitgawes vir tuie en perde van Pretoria na Colesberg en terug na Pretoria. Die rekening is by die ouditeur-generaal se kantoor ingedien wat op 'n tegniese punt geweier het om die bedrag uit te betaal en dit is na Kruger-hulle terugverwys.

Marais het die vermetelheid om die vraag te stel: Was dit nie 'n poging van Kruger-hulle en hul gemagtigdes om onder valse voorwendsels geld van die staat te kry nie? Hy publiseer 'n brief aan Kruger saam met die artikel op 10 Augustus waarin hy verwys na 'n vorige artikel en melding maak van “de

presidents rekeningen zoowel in verband met de Colesberg-reis als met vroegere gevallen”.⁷⁸ Hy ontvang geen antwoord nie. Hy is daarvan beskuldig dat hy die President krimineel belaster. Hy is gearresteer en op borgtog van £50 vrygelaat.⁷⁹

Die saak dien voor die landdros van Pretoria, maar dit is uitgestel om Marais kans te gee om sy getuienis in orde te kry. Hy verskaf onmiddellik sy getuies se name aan die vervolging. Toe die saak te lank na sy mening sloer, versoek Marais die President in ’n brief gedateer 1 Augustus om, “indien gij eenig gevoel van eer bezit”, instruksies aan die staatsprokureur of sy plaasvervanger te gee om hom die geleentheid te gee om die getuienis voor die hof te bring en sy verdediging aan die publiek bekend te maak. Hy voeg by dat W.J. Fockens, in daardie stadium sekretaris van die eerste volksraad (SABW, III 1977:309), alles in die oorspronklike artikel bevestig het, behalwe die suggestie dat Kruger van die onregmatige eis bewus was. Daarom versoek hy dat Leyds in die Colesberg-geval alleen vervolgd moet word, want hy het ander bewyse te lewer omtrent gevalle waar growwe bedrog gepleeg is waarvan Kruger wel moes geweet het. Die vervolging weier egter om hom in die posisie te stel om hierdie dinge in ’n ope hof te bewys.⁸⁰

Niks verder gebeur nie totdat ’n nuwe wet, die Perswet, in die loop van Augustus 1893 aanvaar is. Marais bestempel dit dadelik as “niets anders dan een maatregel om skurkerij te beskermen”.⁸¹ Hy sê dat hy deur die beste regsgeleerdes in die staat verseker is dat die wet nooit uitgevoer sou kon word nie, omdat dit “teenstrydig” was en voeg by: “Zoo machtig en keizerlijk is de Krugeregering geworden en zoo diep is ons ongelukkig volk gezonken! Geen vrijheid der drukpers langer!”⁸² Twee weke later skryf Marais hy hoop dat Kruger sou geleer het dat die volk vertroue in hom verloor het. Die oë van die volk is geopen, en laat elke eerlike burger nou sy kragte inspan om die raad te suiwer.⁸³

Marais rapporteer voorts die verrigtinge in die hofsaak volledig. Uiteindelik is in die middel van Oktober 1893 uitspraak gelewer. Die landdros bevind dat die beskuldiging van laster in die lasbrief en die dagvaarding nie bewys is nie en dat die artikel in die openbare belang geskryf is. Marais is dus onskuldig verklaar.⁸⁴ Omdat die saak slegs oor die aanklag van laster gehandel het, is geen uitspraak gelewer oor die vraag of Kruger-hulle bedrog gepleeg het nie.

Hierdie oorwinning in die hof moes Marais geweldige bevrediging verskaf het. Hy beweer later dat die uitspraak aan die wêreld te kenne gegee het “dat de verkeerde perzoon in de crimineele box geplaatst was”.⁸⁵ Dit bevestig ook sy vertroue in ’n onafhanklike regbank. Hy swaai gevolglik die landdros lof toe en verwys daarna dat landdros Schutte tydens die presidentsverkiezing ’n sterk Kruger-man en selfs lid van die sentrale Kruger-verkiesingskomitee was, dus was sy onafhanklike en suiwer regsbevinding des te eervoller.⁸⁶

Die hofverrigtinge ontsenu blykbaar nie vir Marais nie. Dat hy meer vasbeslote as ooit is om enige bedenklike optrede van owerheidsweë genadeloos aan die kaak te stel, blyk daaruit dat hy in hierdie tyd met die President se verjaardag die draak steek: “Het schijnt dat de heer Kruger zich door zijne Hollanders liet omhalen om zich een troon te verschaffen [...]. Hierop zat de heer Kruger verheven net zoo's een Europeesche koning, en toen moesten de Hollanders voorbij komen en elk een laag buigen. Waar gaat de oude man heen? Lang leven zijn Majesteit Paul de Eerste!”⁸⁷

Die oorwinning in die hof ontlok 'n vloed van ondersteuning vir *Land en Volk* en sy redakteur van die publiek. Uittreksels uit briewe van steun verskyn in die koerantuitgawes van 16 Oktober en 2 November 1893. Dit kom onder andere uit Ermelo, Lichtenburg, Heidelberg en Soutpansberg. Marais is geloof vir sy moed om teen oneerlikheid in die regering op te staan. 'n Paar ondersteuners uit Standerton sê digterlik: “Hij die zijn eigen weg wil gaan/ Ziet dwaallicht vaak voor sterren aan/ Gaat hy met rekeninge door/ Dan keert *Land en Volk* hem voor.”⁸⁸ Uit Lydenburg is daar ook 'n brief onderteken deur 22 inwoners wat Marais gelukwens met sy oorwinning in die hof.⁸⁹ In 'n redaksionele artikel laat Marais volg: “Er is eene roering onder het volk. Het is de alleen heerschappij van den Heer Kruger moede. Het volk wil zich weer laten gelden als volk.”⁹⁰

Terselfdertyd rapporteer 'n beriggie in *Land en Volk* dat besigheidslui uitgevind het dat daar geen koerant in die Republiek is met so 'n groot sirkulasie soos *Land en Volk* nie, en dat die advertensies so aan die toeneem is dat daar geen plaasruimte daarvoor is nie.⁹¹ Hierdie aansprake is waarskynlik ietwat oordrewe, maar dit ly geen twyfel nie dat die koerant se aansien ná die hofuitspraak toegeneem het.

'n Nuwe bedreiging vir die soort eerlike en onblotende verslaggewing wat Marais beoefen, maak egter gou sy verskyning. In Junie 1893 is in die uitvoerende raad 'n konsepwet bespreek wat daarop gemik is om die vryheid van die pers verder in te perk. Dit is ongetwyfeld 'n uitvloeisel van die stryd tussen Kruger en *Land en Volk* in verband met die koerant se bewerings oor oneerlike eise vir reiskoste. Marais skryf daarom tereg in 'n redaksionele artikel: “De wet is natuurlijk op *Land en Volk* bedoeld.”⁹² Die eerste volksraad besluit om die konsep nie te steun nie en 'n tweede een is opgestel. Marais verwys na die nuwe wet as die “Land en Volk Wet”.⁹³

Marais verklaar sinies oor die nuwe wet dat dit 'n onderduimse poging is om dit vir 'n koerant strafbaar te maak om 'n geregverdigde beskuldiging teen 'n amptenaar te maak, selfs al word dit in die openbare belang gedoen. Hy wys daarop dat daar in die wet geen sprake van die openbare belang is nie. Die beskuldigde sou nie eers opgeroep word om te bewys of hy wel in die openbare belang geskryf het nie. Indien byvoorbeeld die staatspresident of staatssekretaris die misdaad van publieke diefstal begaan en *Land en Volk* sou die feit publiseer, kan die redakteur tot twaalf maande gevangenisstraf

gevoonis word sonder dat hy selfs die geleentheid het om die vraag te opper of die publikasie in die openbare belang is.⁹⁴

2.5 Land en Volk en die presidentsverkieping van 1893

Toe dit in 1892 bekend word dat Paul Kruger in die presidentsverkieping van Januarie 1893 deur Piet Joubert en J.G. Kotze geopponeer sou word, gee *Land en Volk* dadelik sy mening, en dit sou dwarsdeur die verkiesingstryd die geval wees. Die koerant raai die burgers af om vir Kotze te stem, aangesien dit die stemme teen Kruger sou verdeel.⁹⁵ Kotze is afgemaak as “De Jingo kandidaat” en “De ongenooide kandidaat.”⁹⁶ Uiteindelik maak Kotze se deelname aan die verkiesing in elk geval nie veel verskil nie, aangesien hy baie min stemme kry. Daarna gooi *Land en Volk* sy gewig agter Joubert in. Joubert was die held van Majuba in 1881 en hy was ook lid van die driemanskap saam met Kruger en M.W. Pretorius van 1880 tot 1883. Hy het by twee geleenthede as president waargeneem toe presidente Burgers en Kruger oorsee was, en in April 1878 was hy lid van die tweede afvaardiging na Londen. Ten tye van die verkiesing was hy kommandant-generaal van die ZAR (SABW, I 1976:432–4). Kortom, Joubert was naas Paul Kruger die bekendste openbare figuur in die ZAR en hy kon dus, volgens Marais, die progressiewe faksie onder die bevolking in die destyds toenemende opposisie teen die Krugerbewind lei. Dit ten spyte daarvan dat Joubert vaag en onduidelik omtrent sekere kwessies soos stemreg vir die Uitlanders was (Swart 2003:75–6). Marais besef egter dat die generaal die enigste moontlikheid bied om van Paul Kruger ontslae te raak. Kruger het reeds twee termyne as president gedien en Marais is blykbaar oortuig dat die Republiek Kruger nie meer kon bekostig nie.

Figuur 1. Verklaring deur Ewald Esselen in Augustus 1892 dat genl. Piet Joubert vir Kruger in die presidentsverkieping sal opponeer

11 AUGUSTUS 1892. Drukk. E. P.

Generaal Joubert verklaart zich

EEN invloedryk Comité van Stemgerechtigde Burgers, die zich aangeschaard hebben ten einde de verkiezing van Generaal JOUBERT als Staatspresident te bevorderen, heeft eene deputatie afgevaardigd ten einde van den Generaal te vernemen of hij bereid is, zich bij de eerstkomende verkiezing als Kandidaat te stellen.

Aan die deputatie heeft de Generaal gisteren, in de duidelijkste bewoordingen, verklaard, dat hij het zijn plicht acht om gehoor te geven aan de vele roepstemmen uit alle deelen des lands, om zich Kandidaat te stellen.

De Generaal heeft verder verklaard, dat hij van zijn kant GEENE overeenkomst heeft getroffen noch, van zijn kant, zal treffen, met eenig een der andere Kandidaten.

Hij staat op eigene merieten.

Op last van het Comité,
E. ESSELEN,
voorzitter.

Lees en merk op.

oys groot
WAT ONS HELD
TWEE P

Comment
Kuranda
Huis, Bachel
Ewald Esselen
Zaterdag 11
vrijdag 10
vrijdag 9
vrijdag 8
vrijdag 7
vrijdag 6
vrijdag 5
vrijdag 4
vrijdag 3
vrijdag 2
vrijdag 1

Kruger se verkiesingsmanifes is in 'n brief aan die redakteur onder die opskrif "Het Kruger Leugenfest" afgemaak deur iemand wat homself Van een ezel noem.⁹⁷ Dit na aanleiding van 'n opmerking deur iemand in die vorige volksraadsitting: "Waar is de ezelachtige Afrikaander die Dr. Leyds zijn plaats kan innemen?" Dit is 'n verwysing na die Joubert-party se aandrang dat meer Afrikaners in staatsposte aangestel behoort te word. Die verkiesingsmanifes is geskryf deur die Nederlander Gerrit Ribbink, sekretaris van Kruger se verkiesingskomitee, die man wat Marais in 1892 suksesvol vir laster gedagvaar het.⁹⁸

Die feit dat *De Pers* en *The Press* vroeg en laat Kruger se lof verkondig, sterk Marais in sy steun vir Joubert.⁹⁹ In 'n hoofberig verwys Marais onder die skuilnaam Afrikaner daarna dat enigeen wat sy stem teen Kruger se politiek verhef, deur die "omgekochte drukpers" uitgeskel word as 'n verraaier van sy land en volk, terwyl dieselfde pers en Kruger se vriende en konsessionarisse hom altyd voorhou as "de edelste, de grootste, de bekwaamste, de enigste staatsman van Zuid-Afrika! Een ieder die niet ja en amen zeide op hetgeen door Kruger werd gezegd was Engelschgezind en wou het land aan Engeland overgeven."¹⁰⁰ In dieselfde artikel gebruik hy die bitter woorde: "Intusschen, wat deed Paul 'de Keizer'? Voor het arme volk, niets, maar voor concessionarissen, speculateurs, zijne vrienden en zichzelf zeer veel."¹⁰¹

In Augustus 1892 is 'n verkiesingskomitee onder voorsitterskap van Ewald Esselen saamgestel om Joubert se verkiesingsveldtog te koördineer (SABW, V 1987:263).¹⁰² Daar is groot steun vir Joubert, soos onder andere blyk uit briewe in *Land en Volk*. 'n Brief van G.D. van den Heever in die koerant sê byvoorbeeld verandering is hoog nodig. Hy sluit af: "Ons burgers kunnen het niet veel slechter krijgen als dat wij het nu hebben."¹⁰³

Van Januarie 1893 af steun *Land en Volk* Joubert se kandidatuur deur middel van advertensies van twee kolomme wyd en in reuseletters wat soos volg bewoord is: "Afrikaners! Zuivert de Vierkleur van de schandvlekken die er op gesmeerd zijn geworden. De eer van ons land hangt af van wat gij nu doet."¹⁰⁴ Verkiesingsberigte oor die getal stemme vir die drie kandidate verskyn ook gereeld in *Land en Volk*. Dit toon tot diep in Januarie 'n meerderheid vir Joubert.¹⁰⁵ Met groot vreugde en leedvermaak rapporteer die koerant in 'n berig dat op die plaas van Piet Otto in wyk 1 die uitslag soos volg is: Joubert – 15 uit 17 stemme; Kotze – twee stemme; Kruger – geen stemme.¹⁰⁶

Figuur 2. Propaganda in *Land en Volk* vir Piet Joubert in die presidentsverkiesing van 1893.



Op die dorp Vryheid wei generaal Joubert tydens sy verkiesingsveldtog in sy toespraak uit oor 'n hele aantal kwessies, onder andere konsessies. Hy maak die gebalanseerde stelling dat hy nie alle konsessies afkeur nie, en hoewel hy in die algemeen teen konsessiepolitiek gekant is, steun hy dikwels konsessies wat Pretoria raak, omdat dit in belang van die dorp is. Hy sê ook dat hy 'n spoorwegkonsessie vir Swaziland aangebied is, maar dit van die hand gewys het.¹⁰⁷ Ook oor die sogenaamde standplaasskandaal spreek Joubert hom uit.

Die standplaaskwessie het voorgekom toe Christiaan J. Joubert, die hoof van die departement mynwese, van die regering toestemming gekry het om standplase (woonerwe) in Johannesburg aan sy klerke te verkoop en dit ook aan sy vriende, familie en volksraadslede aan te bied. Hulle raap die erwe spotgoedkoop op en sit dit weer teen groot wins van die hand.¹⁰⁸

'n Groot bohaai bars los oor die verkoop van erwe deur die departement mynwese. *Land en Volk* beweer dat die verkoop van die erwe uit die hand in plaas van per publieke veiling 'n groot verlies vir die staat op die hals gehaal het. Teen 'n beweerde gemiddelde verkoopprijs van £20 stuk uit die hand sou die betrokke 173 erwe net £3 460 opgelewer het, terwyl die erwe in werklikheid 'n geskatte markwaarde van £300 elk gehad het en op 'n veiling 'n opbrengs van £51 900 sou gehaal het.¹⁰⁹ *De Volksstem* beweer dat 450 erwe by die transaksies betrokke was,¹¹⁰ maar spreek nietemin sy kommer uit oor die aangeleentheid deur te verwys na die “pijnlike zaak der Johannesburg standplaatsen”¹¹¹ en bewerings in die volksraad omtrent toelating van

“zwendelarij” deur die departement van mynwese.¹¹² Wat ook al die getal erwe was, die aangeleentheid is beslis as ernstig en ’n verleentheid vir die regering beskou. Die feit dat die hoof van mynwese toestemming gekry het om die erwe uit die hand te verkoop, plaas ook die regering in die beskuldigdebank.

Kruger tree in die bresse vir die amptenare in die departement mynwese wat as gevolg van die standplaasskandaal in die spervuur beland. In die tweede volksraad bevraagteken hy gedurende ’n hewige debat dit eers dat die staat op enige manier deur die verkoop van die erwe benadeel is, en daarna verdedig hy selfs die amptenare se reg om te spekuleer.¹¹³ In een stadium sê hy tydens die debat dat hy geen beswaar daarteen het dat die amptenare uit die verkoop van hulle erwe voordeel getrek het nie.¹¹⁴ Uiteindelik is ’n mosie aanvaar wat die verdoemende verslag van die tweede volksraadskommissie wat die saak ondersoek het, verwerp.¹¹⁵ Die besluit lui voorts dat daar niks is wat die benaming “standplaasskandaal” regverdig nie (Gordon 1970:106–7). Die goedpraterij van die amptenare se optrede in hierdie aangeleentheid laat ’n uiters wrang smaak.

Afgesien van die groot kritiek wat die standplaasskandaal as sodanig uitlok, het die hele kwessie van die departement mynwese se optrede in verband met Johannesburgse erwe ernstige gevolge vir twee van Kruger se vertrouelinge, Bension Aaron en Gerrit Ribbink. Aaron was ’n prominente lid van die Joodse gemeenskap in Johannesburg en lid van Kruger se verkiesingskomitee, by wie Kruger ook maande tevore nog tydens sy besoek aan Johannesburg tuisgegaan het.¹¹⁶ Hy het terwyl die standplaasskandaal hom afspeel, vir 22 morg grond in Braamfontein, Johannesburg, aansoek gedoen en 162 morg is foutiewelik aan hom toegewys. Volgens beëdigde verklarings het hy sowel die waarnemende mynkommissaris as P.G. Maré, die regeringskommissaris in die Johannesburgse sanitêre raad, probeer omkoop om oor die foutiewe toekenning stil te bly en Maré £2 000 vir sy stilswye aangebied (Gordon 1970:105).¹¹⁷ In April 1893 is Aaron in die hooggeregshof aan gepoogde omkoperij skuldig bevind.¹¹⁸ Hy is tot ’n boete van £500 en een maand gevangenisstraf gevonniss.¹¹⁹

Vir Ribbink is die gevolge van die standplaasskandaal noodlottig. Dié man was, soos vroeër aangedui, tydens die presidentsverkiesing die sekretaris van Kruger se sentrale verkiesingskomitee en terselfdertyd ’n werknemer van die departement mynwese wat midde-in die standplaasskandaal gestaan het. Terwyl die standplaaskwessie woed, is daar sterk gerugte wat Ribbink betrek by ’n beweerde tekort in die kas van die sentrale Krugerkomitee tydens die verkiesing. Die bewering is naamlik gemaak dat sowat £3 000 wat deur die komitee vir Kruger se verkiesingsveldtog gekollekteer is, spoorloos verdwyn het.¹²⁰ In April 1893 pleeg Ribbink ná die bevindings van die kommissie na die standplaaskwessie, selfmoord.¹²¹ ’n Artikel hieroor onder die opskrif “Wie is verantwoordelik?” in *Land en Volk* van 20 April 1893 haal Hebreërs 10:31 aan,¹²² wat in die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983 lui: “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.” Die artikel wys die vinger

beskuldigend na die departement van mynweese, maar terselfdertyd na die volksraadslede wat, ten spyte van herhaalde versoeke dat die klagtes oor swak administrasie en ongerymdhede in die departement ondersoek word, eerder vir die departement in die bresse tree.¹²³ *De Volksstem* berig wel oor Aaron se hofsaak en vonnis,¹²⁴ maar rep niks oor die dood van Ribbink nie, heel moontlik omdat dit as 'n verleentheid vir Kruger beskou is.

Die tragiese gebeure voortvloeiend uit die standplaasskandaal en bogenoemde verwante gebeure laat vrae ontstaan oor Kruger se nalewe geloof in sy vertroueling, en *Land en Volk* speel deur sy onthullings in hierdie verband 'n belangrike rol deur die aandag daarop te vestig.

Natuurlik is Kruger ook heftig tydens die verkiesing oor ander kwessies in die koerant aangeval. Een van die groot beskuldigings wat teen hom ingebring is, is dat hy ná die anneksasie van die Republiek in 1877 geruime tyd salaris van die Britse regering ontvang het en dus in die “vyand” se diens was. Al die betrokke amptelike briewe hieroor uit die Britse Blouboeke wat dit bevestig, is saam met hierdie aantyging in *Land en Volk* gepubliseer.¹²⁵ Dit is duidelik dat Marais sy huiswerk in hierdie geval deeglik gedoen het.

Spoedig haal ook gerugte van omkoperij in die verkiesing *Land en Volk*. In een verwysing hierna, geskryf deur Somnus, heel moontlik Marais self, vertel die skrywer dat hy gedroom het hy was by 'n byeenkoms van die Krugerparty en dat arm of onskuldige kiesers in sy droom na die stembus vervoer moes word, “en in zulke gevallen is het Comité niet ongenegen geldelijke assistentie [te] verleen”.¹²⁶ In nog 'n artikel onderteken deur Klein Joggom uit di doode, 'n bekende skuilnaam van Marais, is gesê dat die praatjie oral die ronde doen dat die Krugerparty £5 vir stemme betaal.¹²⁷ In 'n sterk bewoorde beroep op die kiesers onder die skuilnaam Afrikanus Junior skryf hy daarna: “En nu gij burgers van Transvaal, wordt wakker en op uwe hoeden. De laatste steen word nu aangeroord en dat is £2 10s per stem.”¹²⁸

Na afloop van die verkiesingsproses, maar voordat die stemme getel en gekontroleer is, verwys Marais in 'n redaksionele artikel na “bedrog en skurkery” in verband met die verkiesing. Hy voeg by dat daar by die koerant geen twyfel bestaan nie dat Joubert die meerderheid sou behaal het indien die verkiesing eerlik en bo verdenking uitgevoer was.¹²⁹ Hy herhaal daarna 'n aantyging, wat meermale gehoor is, dat Kruger se amptenare as verkiesingsagente rondgestuur is en dat hulle op koste van die staat gereis het. Later beweer hy dat hy gehoor het dat Kruger by 'n klein stempunt baie stemme gekry het, maar dat, strydig met die Kieswet, net twee daarvan uitgebring is deur persone wat in die stembedstrik woonagtig was.¹³⁰ Selfs *De Volksstem* erken in 'n berig getitel “Een nieuwe verkiezing?” dat dit nie onmoontlik is nie dat veroordeeldes, kranksinniges, minderjariges en persone wat nie stemgeregtig is nie – soos die Joubert-party beweer – aan die verkiesing deelgeneem het “wanneer men de slordige manier in aanmerking neemt waarop soms te werk gegaan is”.¹³¹

Soos te verwagte, was daar tydens en ná die verkiesing wedersydse beskuldigings van onderduimse taktiek deur die ondersteuners aan albei kante. Een so 'n beskuldiging vind in *Land en Volk* in 'n brief deur C.L. Neethling neerslag. Die brief is eintlik aan die redakteur van *De Volksstem* gerig, maar die skrywer het versoek dat dit in *Land en Volk* gepubliseer word. Dit handel oor die redakteur van *De Volksstem* se beskuldiging dat Joubert "Engelsgesind" sou wees. Die skrywer beweer dat die aantying gemaak is hoewel die *De Volksstem* se redakteur net so goed soos enige burger van die Republiek weet "dat geen een, niemand uitgezonderd, hooger plaats als ware patriot in ons land kan inneem, dan de Generaal".¹³² Die beskuldiging van Engelsgesindheid is natuurlik gebruik omdat die konserwatiewe burgers bevrees was dat Joubert, as hy president sou word, die land sou "uitverkoop" aan Engelse soos Rhodes en dat die Republiek sodoende sy onafhanklikheid sou kon verloor.

Marais maak tydens die verkiesing heel dikwels van samesprake gebruik om Joubert se saak te steun. Een voorbeeld is dié tussen Oom Jan en Neef Hendrik. Daarin maak hy van fyn spot gebruik om sy boodskap oor te dra. In een stadium sê Oom Jan hulle het in die kerkraad besluit om noukeurig toe te sien dat geen lidmaat van die Gereformeerde Kerk vir Joubert stem nie, en indien iemand dit sou waag, word hy van die kerk afgesny. Later sê hy: "Ja, Neef Hendrik, schrijf in *De Volksstem*, want onze menschen gelooven er aan meer dan de Bijbel. Ik geloof werkelijk Engelenburg is Paulus self."¹³³

As gevolg van die bewerings van onreëlmatighede tydens die verkiesing dring *Land en Volk* daarop aan dat daar 'n onpartydige ondersoek daarna moes wees. In dié verband verwys Marais na die vaagheid van die Kieswet en die leemtes daarin. Hy wys daarop dat artikel 9 van die wet duidelik bepaal dat die stemopnemers by die presidentsverkiesing die stemlyste met die uitgebragte stemme – "kiesloten", soos dit in die wet genoem is – na die uitvoerende raad moes stuur. In stryd met die wet is dit egter in sommige gevalle na die landdros van die betrokke distrik of na 'n mynkommissaris, waar daar geen landdros was nie, gestuur. Volgens hom is dit onwettig en daarom meen hy dat die verkiesing ongeldig verklaar behoort te word.¹³⁴ Die Joubert-party, betoog hy, het enkel en alleen 'n onpartydige stemtelling gevra.¹³⁵ Verontwaardig skryf Marais daarna indien dit waar is dat die uitvoerende raad geweier het om 'n onpartydige telling van die stemme toe te staan op die bedenklike grond dat die wet geen voorsiening daarvoor maak nie, "dan word het bijna onmogelijk om met gepaste bedaardheid over de zaak te schrijven".¹³⁶ Dan gee dit aanleiding tot agterdog.

Joubert laat as lid van die uitvoerende raad 'n nota aanteken dat die verkiesing van nul en gener waarde is.¹³⁷ Die uitvoerende raad bevestig egter uiteindelik dat Kruger die verkiesing gewen het, en toe hy opgeroep is om die ampseed af te lê, dien die Joubert-party se kongres protes by die uitvoerende raad daarteen in op grond daarvan dat die verkiesing onwettig is. Dit is egter geïgnoreer en Leyds erken nie eens ontvangs daarvan nie.¹³⁸

In Junie 1893 publiseer Marais 'n regsmeening deur advokaat J.W. Wessels oor aspekte van die verkiesing.¹³⁹ Volgens hierdie mening het die verkiesing kragtens Wet nr. 4 van 1871 plaasgevind, hoewel daar soms beweer is dat Wet nr. 13 van 1891 ook van toepassing daarop is. Wessels bevind dat laasgenoemde wet bloot 'n wysiging is van Wet nr. 7 van 1882, wat bepaal wie vir die verskillende ampte verkiesbaar is en hoe daar in gevalle anders as die presidentsverkiesing gestem moet word. Hy raak ook tot die opsienbare bevinding dat indien volgens Wet Nr. 13 van 1891 gehandel is, die verkiesing ongeldig is, en indien die stembiljette na die landdroste gestuur is, alle sodanige stemme ongeldig is. Dit is volgens die wet van 1871 die plig van die stemopnemers om dit direk na die uitvoerende raad te stuur.¹⁴⁰ In die lig van hierdie paar bevindings wil dit voorkom asof foute wel gedurende die verkiesing begaan is wat dit moontlik ongeldig gemaak het. Kruger was toe al as president ingesweer en niks het van die regsmeening gekom nie.

Nadat Kruger reeds ingesweer is, is 'n kommissie van ondersoek na die regsgeldigheid van die verkiesingsuitslag aangewys. Dit bestaan uit drie Kruger-ondersteuners en drie Joubert-manne. Ná drie dae is die kommissie se bevinding bekend gemaak. Dit was eintlik heeltemal te min tyd om al die klagtes van bedrog in die verkiesing behoorlik te ondersoek. Die verslag lui egter dat die bewerings van onreëlmatighede ondersoek is en dat die reeds gepubliseerde uitslag geldig is (Gordon 1970:224).

Marais het egter nie noodwendig vrugteloos vir Joubert in die verkiesing gesteun nie. Die uitslag van die stemming was: Kruger 7 854; Joubert 7 009; Kotze 81.¹⁴¹ Die verskil tussen Kruger en Joubert is dus 845 uit 'n totale 14 944 stemme. Waar Kruger 52,38% van die stemme getrek het, is Joubert se aandeel 46,75%. Dit is dus geen weghoorwinning nie. Joubert se vertoning in hierdie verkiesing staan in sterk kontras met die presidentsverkiesings van 1883 en 1888. In daardie twee gevalle het hy onderskeidelik 1 171 uit 'n totale 4 602 (25,45%) en 834 uit 'n totale 5 371 (15,52%) van die stemme ontvang. Hierdie merkwaardige verbetering in 1893 kan beswaarlik toegeskryf word aan iets anders as die sterk steun van *Land en Volk* vir Joubert in 1893, iets wat in die vorige twee verkiesings ontbreek het. Boonop het ontevredenheid met Kruger se administrasie 'n groot rol in die verkiesing gespeel (Mouton 1957:128) en Marais se klem op skandale en ander tekortkominge daarin het waarskynlik baie kiesers beweeg om vir Joubert te stem.

Die feit dat Kruger se sentrale verkiesingskomitee veel meer fondse as die Joubert-komitee tot sy beskikking gehad het, speel gewis ook 'n groot rol in Kruger se oorwinning. In April 1893 word dit bekend dat £3 000 van die komitee se fondse spoorloos verdwyn het, soos hier bo aangedui. Die skrywer van die artikel vestig die aandag daarop dat die Kruger-verkiesingskomitee, benewens die £3 000, duisende tot sy beskikking gehad het, terwyl die Joubert-party gedurende die hele presidentsverkiesing met £500 moes klaarkom en origins moes staat maak op ondersteuners se vrywillige opofferinge in terme van tyd en middele.¹⁴² In die lig van hierdie agterstand wat

die Joubert-komitee ervaar, het Joubert, danksy *Land en Volk* se steun, merkwaardig goed in die verkiesing gevaar.

Land en Volk het deurgaans vir Joubert voorgelou as die eerbare kandidaat teenoor Kruger as die vriend van konsessionarisse en dit het ook heel moontlik 'n invloed op die uitslag gehad. In aansluiting hierby kan die woorde van Joubert in Barberton in 1892, soos deur die *Standard and Diggers' News* weergegee, aangehaal word: "I may declare with a clear conscience that I have never exerted or in any way worked to get into any position, nor will I ever do so in future, but will do as God and the people wish me to do."¹⁴³ Die National Union in Johannesburg het egter vanweë die griewe oor die stemreg en ander kwessies ook die opposisie teen Kruger gesteun.

2.6 Land en Volk se kritiek van 1894 tot 1896

Hoewel die opwinding van die verkiesingstryd teen 1894 al bedaar het, kom kritiek teen die Krugerbewind nog steeds gereeld in *Land en Volk* voor. Daar is steeds berigginge en kommentaar oor kwessies soos die nuwe Kieswet,¹⁴⁴ hoë kommissaris sir Henry Loch se besoek aan Pretoria¹⁴⁵ en die oorlog teen Mmalebôgô.¹⁴⁶ Die kritiek in *Land en Volk* was wel as gevolg van die nuwe streng Kieswet van 1893 ietwat meer gedemp as tevore (Swart 2003:77), maar groot opspraak is gewek deur die sogenaamde Loveday-insident van 1894.

Figuur 3. Advertensie in *Land en Volk*, April 1894

am des Hee-
as hartelijken
den en vrien-
rouw hebben
ste eerbwij-
de ouders,
EINEND.
CINEND,
eb. BREEDT.
wanteu.
kerstroom,
894.

LOEWENSTEIN & CO.,
APOTHEKERS,
JOHANNESBURG.

'LAND EN VOLK'
Gepubliceerd siken Dond. rdag.

Inteekengeld £1 per jaar, vooruit
betaalbaar.

ADVERTENTIE KOSTEN:
3s. per daai, enkele kolom, en 6s. per
duim dubbele kolom voor de eerste
plaatsing en den halven prijs voor
iedere opvolgende plaatsing.

STAANDE ADVERTENTIEËN, voor niet
minder dan drie maanden, kunnen
overeenkomsten met den Uitgever ge-
troffen worden.

Agenten en Frecuteurs in Insolvente
Boedels, met of zonder testamenten,
hiermee kunnen speciale arrange-
menten voor adverteeren gemaakt
worden.

Land en Volk.
DONDERDAG, 19 APRIL 1894.

terre, omgegr
dit te kinderac
hem dankbaar
Het is gebleke
ons na den w
schulden in h
Ik zie de Volk
noeg verwonde
day al die some
wilopleggen, en
dat, als ieman
en de schulden
de de indicas
behoort te beke
geval kan ik
eenigen. Dat
zou hierop ne
s iemand krygt
plaats gebouwe
of ander donl,
en om myne
te laten blyven,
weson. Na in
betaalt, komt
syn geld terug
uit de winst be
moet ik, om h
gedaan te behoe
betalen. Zoo
weg zask. V
voor alre de H
py liet de h
gelukkig soos
brief van Zyn I
zien dat er w
beter gast als
het publiek m
de dure spoor
datie te betalen
ophouden. O

In Februarie 1894 vaar R.K. Loveday, die lid van die eerste volksraad vir Barberton, skerp in 'n brief aan *Land en Volk* teen die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) uit oor die beweerde groot skuld wat die maatskappy die staat op die hals gehaal het. Hy is heftig deur sommige volksraadslede verkwalik oor 'n neerhalende uitdrukking wat hy in die brief gebruik het toe hy sommige amptenare en lede van die raad beskryf as “dom genoeg of schelm genoeg” om hul ondersteuners wys te maak dat daar geen nasionale skuld was nie.¹⁴⁷ Dié woorde van Loveday veroorsaak groot opskudding.

Nadat die volksraadsitting in Mei byeengekom het, trek die Loveday-kwessie opnuut aandag. Op 1 Mei 1894 antwoord A.D.W. Wolmarans Loveday in 'n brief in *De Volksstem*.¹⁴⁸ Hy verwerp Loveday se argument dat die spoorwegkonstruksie die staat in groot skuld laat beland het. Hy maak ook beswaar teen Loveday se beskrywing van die NZASM as 'n “klike van Hollander-speculateurs” en val hom aan oor sy betrekking in diens van die Shepstone-administrasie ná die anneksasie van die Republiek deur Shepstone in 1877. Loveday reageer daarna weer per brief op laasgenoemde beskuldiging.¹⁴⁹

Op 11 Mei gee Wolmarans in die Volksraad kennis dat hy sou voorstel dat Loveday opgeroep word om “opheldering te geven” oor die gewraakte uitdrukkings in die brief in *Land en Volk* en om aan te toon op watter lede sy opmerkings betrekking het.¹⁵⁰ Vier dae later verduidelik C.J. Tosen 'n voorgenome mosie wat deur Wolmarans gesteun is. Die mosie betoog dat Loveday se woorde die hele eerste volksraad beledig. 'n Lang bespreking volg hierop waartydens twyfel ontstaan of die volksraad se reglement van orde voorsiening maak vir die indien van 'n mosie na aanleiding van woorde wat buite die raad geuite is. Daarom is besluit om die bespreking tot die volgende dag uit te stel.¹⁵¹

Die algemene opvatting omtrent die uitstel is dat dit bedoel was om tyd toe te laat om 'n behoorlik gemotiveerde besluit op te stel waarin die redes uiteengesit word waarom dit nie aangeneem kon word nie.¹⁵² Op 18 Mei is die mosie egter, sonder indiening van besluit of verdere bespreking, met 'n klein meerderheid van stemme aanvaar.¹⁵³ Twee dae later is 'n besluit aanvaar wat Loveday opgeroep het om sy woorde terug te trek of die name van die persone op wie sy opmerkings van toepassing is, bekend te maak; indien hy nie daaraan gehoor gee nie, sou die kwessie aan die staatsprokureur oorhandig word.¹⁵⁴ Loveday weier egter om sy woorde terug te trek en skryf 'n brief waarin hy sê dat hy as 'n eerlike man, ná dreiging met die staatsprokureur, nie die minste wil toegee nie en dat hy die saak in volle vertrouwe in die hande van die geregshowe laat.¹⁵⁵

Kort voor die einde van die eerste volksraadsitting in September 1894 is die Loveday-kwessie weer saam met die advies van die staatsprokureur voor die raad gebring. Laasgenoemde bevind dat geen saak, siviël of krimineel, teen

Loveday ingestel kon word nie.¹⁵⁶ 'n Nuwe mosie is voorgelê om Loveday geheel en al as onwaardige persoon uit die raad te sit en dadelik die redakteur van *Land en Volk* vir die publikasie van die gewraakte woorde te laat straf. Dit is egter nie aanvaar nie. Daarna stel Wolmarans, gesekondeer deur C.B. Otto, die lid vir Marico, 'n mosie voor wat aangeneem is. Dit lui dat Loveday vir een dag uit die raad geskors word, dat die redakteur van *Land en Volk* hom volgens die nuwe Perswet aan kriminele laster skuldig gemaak het en dat die staatsprokureur daarom versoek word om hom te vervolg.¹⁵⁷ Dit ten spyte daarvan dat die staatsprokureur, soos hier bo aangedui, bevind het dat Loveday niks strafbaars gedoen het nie. In reaksie daarop verklaar Marais uitdagend dat die raad as regter opgetree het in 'n saak waarin hy een van die belanghebbende partye was en dat Loveday sonder verhoor deur 'n onwettige en onregverdige hof veroordeel is. Die besluit van die raad beskryf hy as “vals, lasterlik en leugenachtig” en die beskuldiging dat *Land en Volk* kriminele laster gepleeg het, as “eene voorbedachte leugen” omdat dit direk teenstrydig met die advies van die staatsprokureur is.¹⁵⁸ Indien die volk tevrede is dat die volksraad hom in 'n geregshof kan verander om een van hulle medeburgers sonder verhoor te veroordeel, “dan sal de editeur ook tevrede wezen om voor een jaar na de gevangenis te gaan”.¹⁵⁹

De Volksstem wys tereg daarop dat die mosie van Wolmarans en Otto onuitvoerbaar is. Eerstens ignoreer die raad die feit dat slegs 'n regter mag beslis of iemand skuldig of onskuldig is – die raad mag nie self 'n uitspraak lewer nie. Tweedens mag die raad ook nie die staatsprokureur opdra of beveel om 'n strafvervolging in te stel nie. Dertens maak die Perswet nie voorsiening vir 'n lasterlike belediging van 'n ganse politieke liggaam nie.¹⁶⁰

Die onreg van die eerste volksraad se optrede was des te erger in Marais se oë toe dit bekend word dat die assistentveldkornet van die wyk Gatsrand, Potchefstroom, W.J.J. Kok, in Augustus 1894 gelas is om Pretoria toe te kom om hom te kom verantwoord. Die klag teen hom is dat hy die wydgesirkuleerde adres van ondersteuning aan Loveday onderteken het. Toe hy voor die uitvoerende raad verskyn, het Kruger 'n eksemplaar van *Land en Volk* voor hom gehad waarin die oorspronklike brief van Loveday verskyn en verklaar dat dit uiters beledigend vir die volksraad is. Kok erken dat hy die adres onderteken het, maar sê dat hy nie kon verstaan waarom hy alleen tot verantwoording geroep moes word nie; indien hy met die ondertekening van die adres iemand beledig of belaster het – wat nie sy bedoeling was nie – kon hy voor 'n geregshof gebring word. Hy is gevra om die vertrek 'n rukkie te verlaat en toe hy terugkom, is hy meegedeel dat hy as gevolg van sy optrede 'n “onteerend vonnis” teen hom kon kry waardeur hy sy burgerskap sou verbeur. Marais bestempel die hele episode as “Offisiele bangmakery”.¹⁶¹

Marais maak soos volg teen die uitvoerende raad se optrede beswaar: “Is het overkomstig de waardigheid van een Uitvoerende Raad om een vryen burger op zyn eigen kosten na Pretoria te dagvaarden alleen met het doel om hem bang te maken door de meest kinderachtige en laffe dreigementen – omdat hy

een adres getekend had aan den heer Loveday?”¹⁶² Hy beskryf die Raad se optrede as “eene poging tot intimidatie”.¹⁶³ Hy bestempel die dreigement dat Kok sy burgerskap kon verloor as “valsch en leugenachtig”, omdat die beste regsmening in die Republiek omtrent Loveday se woorde hom onskuldig verklaar het.¹⁶⁴

Loveday het uiteindelik weer sy plek in die volksraad ingeneem. Hy het geweldig groot steun van oraloor ontvang. Terwyl ses burgers ter ondersteuning van die raad se optrede ’n adres aan die voorsitter onderteken het wat in *De Volksstem* gepubliseer is, het 650 hulle name onderaan ’n adres van ondersteuning aan Loveday geplaas, en boonop is beweer dat amptenare rondgestuur is om op staatskoste die handtekening teen hom te bekom.¹⁶⁵ Loveday is deur baie burgers as ’n held beskou vanweë sy heldhaftige en beginselvaste optrede. Tiperend van die soort sentimente van die meerderheid burgers is ’n brief van Gawie Wolmarans, wegingspekteur en memorieagent van Lichtenburg, wat in *Land en Volk* verskyn het: “Welk een schande voor een vry land, dat mannen die voor het ware belangen des volks arbeiden, zoo behandeld moeten worden, als de heer Loveday.”¹⁶⁶ In dieselfde trant skryf D.J. van den Heever uit Lydenburg: “Ik denk, wy kunnen nu maar onze gerechtshoven afschaffen, en ook hebben wy nu geen staatsprokureur meer nodig, de Volksraad kan maar in het vervolg al dat werk doen, want het schynt toch of zy de bekwaamheid daartoe bezitten.”¹⁶⁷

Loveday se antwoord op die veelvuldig ondertekende adres aan hom is in *Land en Volk* gepubliseer.¹⁶⁸ Hy haal drie belangrike politieke en konstitusionele beginsels in die antwoord op. Eerstens bestempel hy die volksraadsbesluit wat hom geskors het, as onbillik. Hy wys daarop dat volgens advies van die staatsprokureur en ander regsgeleerdes, geen laster gepleeg is nie en dat sy woorde in die brief ook nie ’n belediging vir die raad as liggaam is nie. Tweedens noem hy dit ook onwettig omdat die besluit ’n oortreding van artikel 25 van Wet nr. 4 van 1890 op die twee volksrade is. Dié wet bepaal dat ’n lid slegs met ’n meerderheid van twee derdes van die stemme uit die raad uitgesluit mag word, dus het dit 16 teenoor 8 stemme benodig om geldig te wees in plaas van die 13 stemme teen 8 waarmee die mosie aanvaar is.¹⁶⁹ Dertens verklaar hy dat daar in hierdie saak ’n kwessie van die allergrootste belang opgesluit is, naamlik die reg van vryheid van spraak en kritiek. Die opmerkings is per slot van rekening buite die raad gemaak. As hy sou toegee om die name bekend te maak van persone op wie sy opmerkings betrekking gehad het, sou hy ’n belangrike presedent skep waardeur die meerderheid in die volksraad die mag sou verkry om “eenige party of persoon wiens opinies niet in den smaak van de meerderheid vielen, te versmooren en te verbryselen”.¹⁷⁰

Loveday verwoord waarskynlik die gevoelens van die meerderheid burgers toe hy in sy antwoord sê sy gewete spreek hom vry, maar dit is die volk wat in ernstige oorweging moet neem “of een zoo onwettige en onbillijke handelwyse niet moet beschoud worden als een verkragting van de

waardigheid en eer van de Wetgewende Macht, en van den goeden naam onzer Republiek”.¹⁷¹

Die Loveday-insident het groot blootstelling en steun aan *Land en Volk* besorg. Die koerant was midde-in die twis oor Loveday se gewraakte woorde en die feit dat Loveday sulke ruim steun vir sy heldhaftige optrede ontvang het, kan grootliks toegeskryf word aan die blootstelling wat die koerant aan die kwessie verleen het.

Marais was ongetwyfeld as gevolg van sy skerp kritiek teen die middel van 1894 in die regering se visier. In Mei 1894 skryf hy as K[ein] Joggum sogenaamd aan die redakteur: “Ik wou meer skrywe mar Oom ken (sic) my glo, ons ou Keiser hou ver my zoo dop, as ik op di Gallerij is, lat ik nie kans kry nie.”¹⁷²

Wat die jaar 1895 betref, was een van die opsienbarende gebeure dat Marais as Afrikanus Junior sekere volksraadslede in die koerant aangespreek het. In Februarie daardie jaar plaas hy drie ope briewe aan onderskeidelik J.P. Meyer, J.J. Malan en J.J. Burger in die koerant waarin hy hulle herinner aan omkoperij waarby hulle vroeër betrokke was.¹⁷³ Toe Meyer daarop reageer, verwys Marais hom eenvoudig na die standplaasskandaal van 1892 waarin hy ’n aandeel gehad het en haal die kommissieverslag waarin Meyer se naam pertinent genoem is, daaroor aan.¹⁷⁴ Die ander twee volksraadslede betig hy op dieselfde wyse oor hulle aandeel aan “skandale”.

In 1896 spreek *Land en Volk* hom weer oor verskeie kwessies uit. Dit sluit die nuwe Perswet, die stemreg en natuurlik die mislukte Jameson-strooptog van 31 Desember 1895 in. Marais verwys na die Jameson-inval as “de hopelooze dwaze onderneming van Dr. Jameson” en wys tereg daarop dat daarmee die Republiek se “politieke bestaan een gansch ander aanschyn” verkry.¹⁷⁵

Daar is in 1896 ook groot bevrediging vir *Land en Volk* en Marais persoonlik toe uitspraak in sy guns gelewer is in sy lastersaak teen *De Volksstem*. Dit handel oor ’n artikel in November die vorige jaar in die *De Volksstem* waarin *Land en Volk* se naam saam met dié van die *Star* en die *Advertiser* genoem is as koerante “in den dienst van Rhodes, die gepubliseerd worden en hun bestaan hebben in dit land, zooals de *Star*, *Advertiser* en *Land en Volk* die partij trekken tegen de ware belangen van hun land ten gunste van een buitenlandsche mogendheid”.¹⁷⁶ Marais stuur ’n skriftelike eis vir vergoeding weens laster aan *De Volksstem* en die koerant se regsverteenvoorder bied aan om £5 skadevergoeding te betaal. Hy wys egter die aanbod van die hand. Hy eis

£5 000 skadevergoeding vir laster. Hy wen die saak, maar slegs £50 skadevergoeding word toegeken.¹⁷⁷ Vir iemand wat in die eerste vier jaar van sy redakteurskap dertien keer aanskrywings vir beweerde laster ontvang,¹⁷⁸

moes dit Marais groot bevrediging verskaf het om hierdie saak teen sy aartsvyand, *De Volksstem*, te wen.

Op 30 September 1896 is daar 'n "afskeidsbrief" van Marais aan Paul Kruger in *Land en Volk*. Dit verskyn onder die bekende skuilnaam Afrikanus Junior onder die opskrif "Brief van Afrikanus Junior aan Z.HEd. S.J.P. Kruger". Dat dit 'n laaste keer sou wees dat Marais aan die President skryf, blyk uit die woorde "En nu vaarwel, Mynheer" in die tweede helfte daarvan. Die hele brief adem egter die gees van 'n laaste boodskap aan die president.¹⁷⁹

Die brief is in pragtige taal geklee, maar spreek as't ware vir oulaas 'n oordeel oor Kruger uit. Marais verwys na die volk se regte wat verkrag is en noem hierdie regte 'n heilige erfenis wat niemand durf skend nie. "Het volk heeft recht van spreken en wanneer des volks mond gesloten word door dwaze wetten tegen de vryheid van de drukpers en de grondwet [...] zal het volk spoedig andere wyzen vinden van zyne gevoelens en begeerten wereldkundig te maken [...]." Dan weerklink die refrein weer: "De bende roovers en speculanten die uwe regeering als aasvogels omzingelden en die gedurig hunne klaauwen hebben in de schatkist van dit volk, slapen niet, en de politiek die het onderhouden van de bende speculanten voorspiegelt moet beschermd worden, en waar men alreeds onrechtvaardiglyk gehandeld heeft in het onderhouden van de bende speculanten, zullen de wetten door de dapper strydgers van oud gemaakt, niet in den weg staan." Hy herinner Kruger dan aan sy ampseed waarin hy plegtig beloof het om volgens die Grondwet op te tree. So pas het hy egter die heer Cronjé as lid van die uitvoerende raad in die uitvoerenderaadsaal ingesweer sonder om in ag te neem dat die Grondwet bepaal dat alle lede van daardie liggaam "hun eed in handen van den Eersten Raad moet afleggen. Ziet gy niet dat gy uwen ambtseed verbroken hebt?" Wat die politieke sy betref, is dit 'n saak tussen hom en die volk, "en het vergelding zal zeker komen – wat uw geweten betreft is het eene zaak tusschen u en God".¹⁸⁰

Hy sluit die brief af met 'n verwysing na sy eie gesondheidstoestand: "Ik had niet veel opteofferen voor myn volk. Mij lichaam heb ik opgeofferd – niet vrywilliglyk, maar toch, hoop ik, met zulke moed als de natuurlyke zwakheid des vleesches een mens toelaat. En dit afgeleefde en verminkte lichaam geeft my recht van spreken, indien ik aanspraak op geen ander recht kan maken. En dit recht heeft elk lid van dit volk, of hy een kogel wond kan toonen of niet, en dit recht zal het volk behouden, niettegenstaande al de pogings van uwe Hollander raadgevers en speculeerende vrienden."¹⁸¹

3. Evaluering van Marais se redakteurskap

Volgens die moderne mediateorie ontstaan nuusberigte as gevolg van die impuls om belangrike en interessante kwessies in die hede onder die aandag van die publiek te bring – en om dan sin van hierdie kwessies te maak (Adam

en Clark 2006:298). Koerantskrywers voeg egter by die feitelike verslag wat gelewer word wat Adam en Clark noem “layers of meaning” deur die gebeurtenis te interpreteer.

Eugène Marais het goed daarin geslaag om die eerste bogenoemde doelwit in sy beriggewing te bereik, naamlik om gebeurtenisse in die jare 1890 tot 1896 in die ZAR onder die aandag van die kieserspubliek te bring. Dié gebeure het veral die vorm aangeneem van uitsprake deur die President, volksraadslede en ander prominente lede van die gemeenskap, asook die vrystelling van dokumente soos verkiesingsmanifeste, verklarings en toesprake buite die wetgewende liggame. Hy het nie, soos *The Press* en *De Pers*, volgens Glukstein se bewering, inligting direk van die presidensie gekry nie, maar het ’n “neus” vir nuuswaardige gebeure gehad en nie geaarsel om aan omstrede kwessies blootstelling in *Land en Volk* te gee nie. Boonop het hy in ’n groter mate as die tydgenootlike redakteurs ondersoekende joernalistiek beoefen. Dit blyk duidelik in verband met kwessies soos die Eloff-konessie en Paul Kruger se betaalde diens onder die Shepstone-administrasie van 1877 tot 1881. In eersgenoemde geval het hy ’n byna vergete dokument opgediep en in laasgenoemde geval briewe uit die Britse Blouboeke ter ondersteuning van sy kritiek aangehaal.

Ook wat die tweede aspek van die joernalistiek se funksie volgens Adam en Clark se bostaande omskrywing betref, naamlik die interpretasie van gebeure, het Marais se joernalistieke kommentaar ’n belangrike rol gespeel in ’n konserwatiewe en grootliks agrariese gemeenskap wat dikwels net tot proregeringsberiggewing toegang gehad het. Marais se interpretasie van gebeure het rigting en ’n nuwe perspektief gegee aan die politieke diskoers van sy tyd. Hy het wel hierin soms baie subjektief te werk gegaan, want sy ywer vir die bevordering van die Afrikaners se belange in die staat het daartoe gelei dat hy perspektief verloor het, soos die geval met die verkiesing en heraanstelling van W.J. Leyds as staatsekretaris was. Die tyd het wel geleer watter waardevolle diens Leyds gelewer het om, benewens sy ander prestasies, orde en sisteem in die staatsadministrasie te bring (Marais 1962:14). Nietemin was Marais se verdediging van die demokrasie in die ZAR en sy krasse kritiek op die outoritêre optrede waaraan Kruger hom soms skuldig gemaak het, geregverdig. Sy “joernalistieke kruistog vir waarheid en reg” het vryheid van spraak en onafhanklike regspleging in ’n demokratiese opset onder die vergrootglas geplaas (Van der Merwe 1983:25).

’n Belangrike toets vir enige joernalis se redakteurskap sal sekerlik wees in watter mate hy die publiek ingelig hou omtrent kwessies in die openbare domein en in hoeverre hy die leserspubliek en die beleid van die owerhede beïnvloed. Dit kan wel sonder twyfel ~~word~~ *Land en Volk* se beriggewing en uitgesprokenheid die gewone burgers, ook dié op die platteland, meer krities ten opsigte van die regering gemaak het.

Dat Marais se skrywes in *Land en Volk* wel hierdie uitwerking het, blyk uit 'n brief uit Zeerust, gedateer 26 Augustus 1893, deur Stryder voor recht in die koerant. Dit is in reaksie op Marais se aanklag teen Kruger oor die reiskostekwessie. Die skrywer sê hy het vóór die presidentsverkiesing nie geglo wat teen Paul Kruger geskryf is nie en het vir hom gestem. Nou is hy oortuig dat die aantygings teen Kruger die waarheid moet wees, aangesien Kruger, wat deur die hele volk geëerbiedig word, hom nie eens teen die beskuldiging van diefstal of poging tot diefstal van die burgers se geld kon verweer nie. Die brieffskrywer vra dan: "Kunnen wij nog voor deze persoon buigen en hem eeren als ons hoofd en leidsman?"¹⁸² Weliswaar is daar in die geval van die reiskoste-aangeleentheid ook 'n hofspraak wat die brieffskrywer in sy denke kon beïnvloed het, maar Marais haal in elk geval sonder omhaal van woorde die President in *Land en Volk* oor die koele en dit moes beslis 'n rol gespeel het om die brieffskrywer van insig te laat verander.

In Maart 1892, toe Marais al twee en 'n half jaar in die redakteurstoel by *Land en Volk* was, rapporteer die *Standard and Diggers' News* oor 'n openbare vergadering in Pretoria dat "the Boer mind begins to take an enquiring turn; that little by little they are being educated up to the Spirit of the Age, which is one of criticism, querulousness, and inquiry."¹⁸³ Dié opmerking is egter omtrent Pretoria gemaak, en die vraag is of dit ook op die platteland, waar mense normaalweg politiek meer konserwatief dink, die geval was. Die antwoord vind 'n mens ook in die *Standard and Diggers' News*. 'n Maand tevore berig die koerant dat die President tydens besoeke aan Bethal, Ermelo en Amsterdam baie gehekel is, veral oor die aanstelling van Nederlanders in die staatsdiens.¹⁸⁴ Dit dui beslis op 'n meer kritiese ingesteldheid teenoor Kruger se regering. Die rol van *Land en Volk* in hierdie veranderde houding blyk uit 'n redaksionele artikel in dieselfde koerant getitel "The passing of the Boer" oor veranderende omstandighede in die staat: "The rising generation of Boers is being born in new circumstances and under the rule of civilization."¹⁸⁵ Die koerant sê daarna pertinent dat die burgers tydens die president se onlangse toer dikwels vroe gestel het na aanleiding van iets wat hulle in *Land en Volk* gelees het.¹⁸⁶ Daar kan dus min twyfel bestaan dat *Land en Volk*, selfs op die platteland, mense se politieke denke beïnvloed het.

Die politieke konteks waarbinne Marais geskryf het, het hom geweldig gefrustreer en moet ook by enige evaluering van sy redakteurskap in aanmerking geneem word. Sy belewing van die politieke situasie in die ZAR was dat die Krugerregering dikwels outoritêr en, na sy mening, tot nadeel van die burgerbevolking opgetree het. Kruger was vir hom 'n soort "onverligte despoot" wat nie kritiek gedoog het nie. Daarby het Marais se regverdigheidsin in opstand gekom teen Kruger se nepotisme en sy "konsessionarisvriende" en was dit bloot 'n kwessie van tyd voordat hy in die hof met die President sou bots. Die feit dat hy deur middel van *Land en Volk* tot mense se gewete gespreek het en onbevrees ongeregtheid en knoeieri aan die groot klok gehang het, het op die duur respek afgedwing. Dat Marais se aanslag onder die kiesers ingang gevind het, moes ten minste gedeeltelik

verantwoordelik gewees het vir die verrassend goeie vertoning van Joubert in 1893 se verkiesing. Die uitslag was byna grondverskuiwend in die politiek van die ZAR Ná 1895 sou die politiek 'n nuwe rigting inslaan, wat skynbaar onherroeplik op 'n oorlog sou afstuur.

Dit is ook nodig om daarop te wys dat één rede waarom Marais so heftig teen Kruger te velde getrek het, die neiging van *De Volksstem* en *De Pers* was om Kruger so volhoudend aan te prys en as 't ware blind was vir sy foute. In Junie 1892 betreur 'n redaksionele artikel in *De Volksstem* wat uit die *Zoutpansberg Review* oorgeneem is, dit dat die President so dikwels oor talle aspekte van regeringsbeleid aangeval en gekritiseer is, asof hy die oorsaak was van alles wat verkeerd was. Sy kritici behoort van beter te weet, lui die artikel, en beskryf die President dan as “Paul Kruger, de man uit een stuk, die in zoovele moeilike gevallen is beproefd en getrouw bevonden, de man die zijn zware taak vervuld, niet in eigen kracht, maar onder biddend opzien tot zijn God in wien hy een onbegrenst vertrouwen stelt”. Later lui die artikel: “Het volk begin in te zien dat zij zijn misleid, en dat uit enkele misgrepen en tegenspoeden die in het best georganiseerd staatswezen kunnen plaats vinden valsche munt is geslagen, welker uitgave de bewerkers per slot van rekening meer schade dan voordeel zal aanbrengen.”¹⁸⁷ Laasgenoemde opmerking verwys skynbaar na die Eloffkonsessie, die standplaasskandaal, beweerde ongerymdhede in die verkiesing en dergelike kwessies. Dit is te verstane dat hierdie breedsprakige en veralgemenende soort lofuitinge van *De Volksstem* en sy susterkoerant, waardeur Kruger van alle blaam onthef is en as feitlik volmaakte leier voorgehou is, Marais na die pen sou laat gryp.

Marais het president Kruger se persoonlikheid en sy optrede in die volksraad ook erg irriterend en outoritêr gevind. By een geleentheid het Kruger byvoorbeeld woedend geword toe R.K. Loveday in die volksraad die mening uitspreek dat een uitvoerenderaadslid in die volksraad voldoende was. Hy het opgespring, sy serp oor 'n ander raadslid se skouers gegooi en uitgestap. Daarna wou hy nie weer terugkom nie. Die volgende oggend was daar 'n geheime sitting omdat die President wou vrede maak. Marais merk op: “De burgers werden echter moeg van dit soort toneel.”¹⁸⁸

Land en Volk berig ook oor ander geleenthede waar Kruger in die volksraad sy humeur verloor en beweer dat hy beledig is.¹⁸⁹ Toe Kruger se salaris in Julie 1892 in die eerste volksraad onder bespreking gekom het, kritiseer *Land en Volk* hom ook skerp omdat hy nie die raadsaal tydens die debat verlaat het nie en self aan die bespreking deelgeneem het.¹⁹⁰ In Januarie 1893 skryf Marais in 'n redaksionele artikel: “Was het den Volksraad hier of daar te erg en wilde dat lichaam zijn eigen weg [...] volgen, dan dreigde Kruger om te bedanken.”¹⁹¹ Dit is hierdie soort optrede van Kruger wat Marais na hom laat verwys as “De President Keizer”.¹⁹²

Afgesien van direkte kritiek maak Marais suksesvol van rymelary in *Land en Volk* gebruik om op politieke kwessies kommentaar te lewer. In Februarie

1893, voordat die uitslag van die presidentsverkiesing nog bekend was, verskyn 'n bydrae met die titel “Ons moet trek” in *Land en Volk*. Onderaan die gedig verskyn die naam Neef Abraham, maar Marais maak van 'n hele klompie verskillende skuilname gebruik en dit kon ewe goed uit sy pen gekom het. Dit is te lank om hier in sy geheel aan te haal – 16 strofes van vier reëls elk – maar hier volg enkele uittreksels daaruit:

Transvaals geluk het ons verdruk,
Dat ons voor ons een land moet zoek,
Maar jammer dat ons zoo moet gaan,
Oom Paul agter te laat staan.

Ons bloed leg almal in dit land,
Hier het ons daarom geen bestand;
Die weinig wat ons nog kon krij,
Het die spoor trein weg gerij.

In Holland staan een groote boom,
En geef Oom Paul een mooie kroon,
Hij het een groote stal gebou,
Om Hollander hengste in te hou.

Als Piet in kom zal ons blij,
Als Paul in kom zal ons glij;
Want anders krijg ons tog te zwaar,
Om onze rechten te bewaar.¹⁹³

Op 'n eenvoudige wyse spreek hierdie rymogings tot die volk, soos dit vroeër ook suksesvol deur *Di Patriot* gebruik is.

Marais lewer beslis ook 'n groot bydrae tot die aanvaarding van Afrikaans as skryftaal in die Republiek. Soos reeds deur ander skrywers aangetoon is, verskyn die nuusgedeeltes van die koerant aanvanklik nie in Nederlands, die amptelike taal van die ZAR, nie, maar in Afrikaans. Marais doen dit tot die einde van 1891, omdat hy oortuig is dat dit die gebruik van Afrikaans was wat *Di Patriot* so suksesvol gemaak het (Rousseau 1974:53). Lesers van hierdie artikel sou die gebruik van Afrikaans in stede van Nederlands alreeds agtergekom het uit aanhalings uit briewe in die koerant en redaksionele artikels voor 1892 wat hier bo gebruik is. Marais verduidelik die Afrikaanse spelwyse in antwoord op 'n brief omtrent sy gebruik van Afrikaans.¹⁹⁴ In Februarie 1891 skryf hy onder die opskrif “Di Afrikaanse taal” dat die koerant binne 'n paar weke heelwat nuwe intekenaars bygekry het en voeg by: “[D]is oek goed daar dit toon dat di Afrikaanse taal byna algemeen deur ons volk goedgekeur word.”¹⁹⁵ Marais se gebruik van Afrikaans in die koerant maak hom beslis een van die eerste kampvegters vir Afrikaans as skryftaal in die ZAR (SABW, I 1976:527). Bowendien het die gebruik van Afrikaans voldoen aan een van die goue riglyne van goeie joernalistiek, naamlik om in “die

gewone woorde van die spreektaal” te skryf (Spies 1982:71), want ’n vroeë vorm van Afrikaans wás die spreektaal in die ZAR in daardie tyd.

Dit is waar dat Marais hom nie aan joernalistieke konvensies gesteur het nie. Gordon (1970:xvii) beskryf *Land en Volk* se redaksionele styl as “loud, tasteless and brash”. Wat die kruheid en onverfyndheid van Marais se aanslag betref, moet gewys word op sy eerlike evaluering van sy eie redakteurskap aan die einde van 1895. In ’n redaksionele artikel erken hy dat die koerant baie foute begaan het en dat hy “dikwels te scherp heeft gesproken waar [het] niet nodig was”. Hy bely dat die redaksie ten diepste sy swakheid in die behandeling van vele sake besef en voeg by dat indien *Land en Volk* gesondig het, hy ten minste die “heilige verzekering” kon gee dat dit met die suiwerste motiewe gedoen is en dat die kwade gevolge, indien enige, toe te skryf is aan “de zwakheid dat de geheele mensdom eigen is”. Kritiek teen persone is nie uit persoonlike haat gebore nie, maar alleen met die oog op die beswil van die Republiek in die algemeen, verseker hy die lesers.¹⁹⁶ ’n Eerliker selfevaluering van ’n redakteur sou moeilik te vinde wees. Vir Marais is eerlikheid en openheid van regeringsweë ononderhandelbaar. Dit blyk uit sy antwoord twee maande later, toe die President op Ermelo, in antwoord op ’n vraag waarom *Land en Volk* nie vervolgd word oor onwaarhede wat die koerant verkondig nie, gesê het dat die redakteur só versigtig skryf dat die wet nie toegepas kan word nie. Marais se reaksie is dat die waarheid altyd so versigtig is dat die wet nie toegepas kan word nie, en hy vervolg: “En wy hopen ZHEd. dit spoedig te bewyzen in een gerechtshof.”¹⁹⁷ Weliswaar was Marais se teregwydings dikwels emosioneel gelade en persoonlik van aard – veral in sy kritiek op Nederlandse staatsamptenare – maar dan moet ook toegegee word dat hy in sy kritiek die menings en gevoelens van ’n groot gedeelte van die burgerbevolking korrek vertolk het.

Daarom vra Marais ook of die groei van *Land en Volk* van ’n onbeduidende blaadjie tot ’n wydgelese koerant nie toon dat die volk “het swak en gebrekkig streven van *Land en Volk*” goedkeur nie. Die blad het beslis in die ses jaar van Marais se redakteurskap in statur gegroei. Alhoewel sirkulasiesyfers nie beskikbaar is nie, getuig die intelligente tydgenootlike waarnemer sir Percy Fitzpatrick daarvan as hy *Land en Volk* in die negentiger jare as “the leading Dutch newspaper” in die Republiek beskryf (Fitzpatrick 1899:146). Marais se eerlike kritiek het tot hierdie siening bygedra en hy gee ook die versekering dat dit die koerant se innige begeerte is om die eer van die volk teen alle aanvalle te bewaar, “hetzy van binnen en van buiten; tegen alle onreinheid of oneerlijkheid door de dienstknechten van het volk gepleegd”.¹⁹⁸ Met “diensknechten van het volk” het hy ongetwyfeld die President, ander lede van die regering en volksraadslede bedoel. Hy voeg by dat waar die blad skerp in sy kritiek was, dit nie soseer was om hom op persone te wreek nie as om aan die beskaafde wêreld te toon dat die Transvaalse volk sy goeie naam en reputasie liefhet “en dat het des volks begeerte is om dien naam, van onze vaderen van de jongste tyden met hun bloed en lyden geheiligd, te bewaren tegen de schandvlekken door eenige onzer onwaardige landgenooten er op

geworpen”.¹⁹⁹ ’n Suiwerder en meer patriotiese motivering vir *Land en Volk* se skerp kritiek op regeringslede se beleid en optrede is beswaarlik te bedink.

Toe Marais in Julie 1891 saam met Jimmy Roos die eienaarskap van die koerant oorneem, skryf hy, as boorling van die Republiek: “Wy behooren tot het volk der Republiek en het zal onze ernstige poging zyn om in alle zaken den stem van het volk weer te geven.”²⁰⁰ Dit het hy deurgaans probeer doen. Inderdaad was die eienaars en redakteurs van al die ander koerante in die Republiek in sy woorde “niet-Afrikaners”. Selfs F.W. Engelenburg, die redakteur van *De Volksstem*, was aanvanklik ten tye van Marais se redakteurskap nie ’n genaturaliseerde burger van die Republiek nie. Toe Marais dus in 1891 sê die blad sal voortaan “sonder aansien des persoons di sluier van alle knoeiery en onrecht afruk en aan di oordeel van di volk bring, want di stem van die volk is di stem van recht”, het hy dit bedoel as één van die volk. Binne hierdie konteks moet sy genadelose kritiek op die Krugerregering en sy amptenare en meelopers verstaan word.

Sonder kennis van Eugène Marais se joernalistiek en onverskrokke skerp kommentaar in *Land en Volk* is die beeld wat ons van hom as persoon en van die Krugerregering en die Transvaalse samelewing in die jare 1890 tot 1896 in die ZAR het, ongetwyfeld onvolledig.

Bibliografie

Boeke en tydskrifartikels

Adam, G.S. en R.P. Clark, 2006. *Journalism, the democratic craft*. 2006. New York en Oxford: Oxford University Press.

Cutten, T.E.G. 1935. *A history of the press in South Africa*. Kaapstad: National Union of South African Students.

De Beer, A.S. (red.). 1982. *Joernalistiek vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

De Kock, W.J. 1958. *Jacob de Villiers Roos, 1869–1940*. Kaapstad: A.A. Balkema.

Du Toit, F.G.M. 1940. *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

Fitzpatrick, P. 1900. *The Transvaal from within. A private record of public affairs*. 9de druk. New York: Frederick A. Stokes.

Gordon, C.T. 1970. *The growth of Boer opposition to Kruger 1890–1895*. Londen, New York, Toronto: Oxford University Press.

Marais, J.L. 2009. Die invloed van die Boland op die werk van Eugène N. Marais. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23(1):77–89.

Marais, J.S. 1961. *The fall of Kruger's Republic*. Oxford: Oxford University Press.

Mouton, J.A. 1957. Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1957, I. Pretoria: Staatsdrukker.

Muller, C.F.J. (red.). 1981. *Five hundred years. A history of South Africa*. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academica.

Nienaber-Luitingh, W. 1962. *Eugène Marais*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Rousseau, L. 1974. *Die groot verlange. Die verhaal van Eugène N. Marais*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Spies, J. 1982. Hoe om nie te skryf nie. In De Beer (red.) 1982.

Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (SABW), Deel I, W.J. de Kock (red.). 1976 (2de druk). RGN; Deel II, W.J. de Kock en D.W. Kruger (reds.). 1986 (2de uitg.). RGN; Deel III, D.W. Kruger en C.J. Beyers (reds.). 1977 (1ste uitg.). RGN; Deel IV, C.J. Beyers (red.). 1981 (1ste uitg.). RGN; Deel V, C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), 1987. RGN.

Swart, S. 2003. "An irritating pebble in Kruger's shoe" – Eugène Marais and *Land en Volk* in the ZAR, 1891–1896. *Historia*, 48(2):66–87.

Van der Merwe, D. 1983. Eugène Marais – geregsmonomaan. *Codicillus*, 24(2):14–24.

Koerante

Land en Volk (Mikrofilm), Januarie 1891 – November 1896.

De Volksstem (Mikrofilm), Januarie 1891 – November 1896.

The Standard and Diggers' News (Mikrofilm), 1891–1892.

Argivale bronne

Volksraadsnotules, 1890; 1892; 1893; 1894.*

Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890.

*In sommige gevalle is die Volksraadsnotules gebruik en in ander die verslae van Volksraadsdebatte in *De Volksstem*.



Eindnotas

¹ *Land en Volk* (hierna afgekort as *L en V*), 3 Maart 1891. “Di slag van Amajuba”; *L en V*, 12 Januarie 1892, “Geskiedverhaal van de Voortrekkers”; *L en V*, 21 April 1891, “’n Protest Benodig”.

² *L en V*, 20 Februarie 1896, “Onze politieke toestand”.

³ *L en V*, 12 Januarie 1893, “De Pest. Wat zij is. Door den oprichter beschreven”; *L en V*, 7 Julie 1891, “An di volk van die Z.A. Republiek”.

⁴ *L en V*, 12 Januarie 1893, “De Pest. Wat zij is”.

⁵ *L en V*, 12 Januarie 1893, “De Pest. Wat zij is”.

⁶ *L en V*, 19 Januarie 1893, “De geschiedenis der Pers. Door den stichter verhaald”.

⁷ *L en V*, 19 Januarie 1893, “De geschiedenis der Pers”.

⁸ *L en V*, 19 Januarie 1893, “De geschiedenis der Pers”.

⁹ *L en V*, 19 Januarie 1893, “De geschiedenis der Pers. Door den stichter verhaald”.

¹⁰ *L en V*, 5 Januarie 1893, “Laat onze oogen opengaan”.

¹¹ Notulen Eerste Volksraad, 1892, art. 854, bl. 276.

¹² *L en V*, 21 Julie 1893, “Aan het volk”.

¹³ *L en V*, 21 Julie 1893, “Aan het volk”.

¹⁴ Notulen Eerste Volksraad, 1892, art. 855, bl. 279.

¹⁵ *Volksstem*, 20 Julie 1892, “Eerste Volksraad. Woensdag 20 Julie”.

¹⁶ *Volksstem*, 20 Julie 1892, “Eerste Volksraad. Woensdag 20 Julie”.

¹⁷ *L en V*, 23 Julie 1893, “De schandelijke omkoopings”.

¹⁸ *L en V*, 3 Oktober 1893, “De omgekochte couranten”.

¹⁹ *Volksstem*, 18 en 22 Junie 1892.

²⁰ *Volksstem*, 22 Junie 1892, “Praatjes van den dag”; *L en V*, 30 Junie 1892, “De Volksstem en ons”.

²¹ *L en V*, 30 Junie 1892, “De Volksstem en ons”.

- ²² *L en V*, 29 Desember 1892, “Wat zal van ons worden?”
- ²³ *Volksstem*, 15 Januarie 1891, “Spijders aan volksraadsleden”.
- ²⁴ *L en V*, 24 Januarie 1895, “De spider-leden”.
- ²⁵ *Volksstem*, 15 Januarie 1891, “Spijders aan volksraadsleden”.
- ²⁶ *Volksstem*, 19 Januarie 1891, “Spijders aan volksraadsleden”.
- ²⁷ *L en V*, 20 Januarie 1891, “Sonder Reserf”.
- ²⁸ *L en V*, 27 Januarie 1891, “Sonder Reserf”.
- ²⁹ *L en V*, 10 Februarie 1891, Redaksioneel.
- ³⁰ *L en V*, 7 April 1891, “Alweer de spiders”.
- ³¹ *L en V*, 21 April 1891, “Korrespondentie. Di volksraadsleden”.
- ³² *L en V*, 20 Januarie 1891, “Sonder Reserf”.
- ³³ *L en V*, 20 Januarie 1891, “Sonder Reserf”.
- ³⁴ *L en V*, 14 Junie 1892, “Oom Paul moet rus”.
- ³⁵ *L en V*, 7 Junie 1892, “Lost en vas”.
- ³⁶ *L en V*, 14 April 1892, “De Natalse spoorwegfeeste”.
- ³⁷ *L en V*, 7 Junie 1892, Redaksioneel”.
- ³⁸ Vgl. die volledige lys soos gepubliseer in *L en V* van 14 Junie 1892, “Kiezing van Staatssekretaris. De stem des volks”.
- ³⁹ *L en V*, 14 Junie 1892, “Kiezing van Staatssekretaris. De stem des volks”.
- ⁴⁰ *L en V*, 1 Junie 1893, “Dr. Leyds brief”.
- ⁴¹ *Volksstem*, 8 Junie 1892, “Dr. Leyds herkozen”.
- ⁴² *L en V*, 3 Maart 1891, “Hans se brief”.
- ⁴³ *L en V*, 31 Maart 1891, “Di een en anner”.
- ⁴⁴ *L en V*, 31 Mei 1892, “Groote Twist”.
- ⁴⁵ *L en V*, 7 Julie 1892, “Ons vertegenwoordigers miskennen ons”.
- ⁴⁶ *L en V*, 21 Julie 1892, “De omkoopning”.

- ⁴⁷ *L en V*, 31 Mei 1892, “Weg met Wierda!”.
- ⁴⁸ *L en V*, 23 Julie 1892, “Onze zaak”. Vergelyk ook Van der Merwe (1983:14–5).
- ⁴⁹ *L en V*, 23 Junie 1892, “Onze zaak”.
- ⁵⁰ *L en V*, 23 Junie 1892, “Onze zaak”.
- ⁵¹ *L en V*, 30 Junie 1892, “Geheimzinnigheid”.
- ⁵² *L en V*, 30 Junie 1892, “Dankie neef Barend”.
- ⁵³ *L en V*, 30 Junie 1892, “De onderlinge overeenkomst”.
- ⁵⁴ *L en V*, 30 Junie 1892, “Dankie neef Barend”.
- ⁵⁵ *L en V*, 28 Julie 1892, “De lasterzaak en Ribbink”.
- ⁵⁶ *L en V*, 14 Julie 1892, “Nog eens het mynwezen”.
- ⁵⁷ *Volksstem*, 16 Junie 1890, “Eerste Volksraad, 14 Junie 1890, Meer water voor Johannesburg”.
- ⁵⁸ *Staatskoerant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 4 Desember 1890, ble. 949–53.
- ⁵⁹ *L en V*, 29 September 1892, “Eloff, de Concessie-Sekretaris”.
- ⁶⁰ *L en V*, 29 September 1892, “Eloff, de Concessie-Sekretaris”.
- ⁶¹ *L en V*, 16 Januarie 1893, “De Water Concessie. Wat Jan Celliers er van zegt. Een rondborstige verklaring”.
- ⁶² *Volksstem*, 19 Januarie 1890, “Volksraad, Saterdag 14 Junie-namiddag”.
- ⁶³ *L en V*, 16 Januarie 1893, “De water-concessie. Wat Jan Celliers er van zegt. Een rondborstige verklaring”.
- ⁶⁴ *L en V*, 29 Desember 1892, “Eloff, de Concessie-Sekretaris”.
- ⁶⁵ *L en V*, 29 Desember 1892, “Eloff, de Concessie-Sekretaris”.
- ⁶⁶ *L en V*, 9 Februarie 1893, “Akte van overeenkomst”.
- ⁶⁷ *L en V*, 2 Januarie 1893, “Aan ZHed. S.J.P. Kruger Staatspr[esident]”
- ⁶⁸ *L en V*, 2 Januarie 1893, “De Water-concessie”.
- ⁶⁹ *L en V*, 2 Januarie 1893, “Aan ZHed. S.J.P. Kruger, Staatspr[esident]”.

- ⁷⁰ *L en V*, 26 Januarie 1893, “Hoor nogmaals Mnr Eloff”.
- ⁷¹ *L en V*, 26 Januarie 1893, “De schand-daad”.
- ⁷² *L en V*, 16 Maart 1893, “Wat voor een President”.
- ⁷³ *L en V*, 23 Februarie 1893, “Nog oude schulden”.
- ⁷⁴ *L en V*, 2 Maart 1893, “Gekwetste majesteit. De Staat vs, Keith”
- ⁷⁵ *L en V*, 2 Februarie 1893, “Een Blikoor praat”.
- ⁷⁶ *L en V*, 6 April 1893, “Weg met Land en Volk”.
- ⁷⁷ *L en V*, 10 Augustus 1893. “De Staat vs. ‘Land en Volk’. Kruger’s rekening”.
- ⁷⁸ *L en V*, 10 Augustus 1893, “De Staat vs. ‘Land en Volk’. Kruger’s rekening”.
- ⁷⁹ *L en V*. 10 Augustus 1893, “De Staat vs. ‘Land en Volk’. Kruger’s rekening.”
- ⁸⁰ *L en V*, 17 Augustus 1893, “De ‘Land en Volk’ zaak”
- ⁸¹ *L en V*, 31 Augustus 1893, “De Pers Wet”.
- ⁸² *L en V*, 31 Augustus 1893, “De Pers Wet”.
- ⁸³ *L en V*, 14 September 1893, “Onze enigste hoop”.
- ⁸⁴ *L en V*, 15 Oktober 1893, “Land en Volk zaak”.
- ⁸⁵ *L en V*, 11 Oktober 1894, “Twee verjaarsdagen”.
- ⁸⁶ *L en V*, 15 Oktober 1893, “Land en Volk zaak”.
- ⁸⁷ *L en V*, 12 Oktober 1893, “President’s verjaarsdag”.
- ⁸⁸ *L en V*, 2 November 1893, “De Land en Volk zaak”.
- ⁸⁹ *L en V*, 16 November 1893, “De Land en Volk zaak”.
- ⁹⁰ *L en V*, 29 November 1893, “De roering onder het volk”.
- ⁹¹ *L en V*, 26 Oktober 1893, “Land en Volk”.
- ⁹² *L en V*, 8 Junie 1893, “Hou-jou-bek Wet”.
- ⁹³ *L en V*, 24 Augustus 1893, “De Land en Volk Wet”.

- ⁹⁴ *L en V*, 31 Augustus 1893, “De Pers Wet”.
- ⁹⁵ *L en V*, 4 Augustus 1892, “De aanstaande Presidents Electie”.
- ⁹⁶ *L en V*, 28 Julie, 4 Augustus en 11 Augustus 1892.
- ⁹⁷ *L en V*, 5 Januarie 1893, “Het Kruger Leugenfest”.
- ⁹⁸ *L en V*, 23 Januarie 1893, “Nellmapius gift voor zwakken”.
- ⁹⁹ *L en V*, 30 Junie 1892, “Maskers af!”
- ¹⁰⁰ *L en V*, 5 Januarie 1893, “Laat onze oogen opengaan”.
- ¹⁰¹ *L en V*, 5 Januarie 1893, “Laat onze oogen opengaan”.
- ¹⁰² *L en V*, 11 Augustus 1892, “Generaal Joubert verklaart zich”; *SABW*, V, bl. 263.
- ¹⁰³ *L en V*, 12 Januarie 1893, “Eere aan wie eere toekomt”
- ¹⁰⁴ Sien bv. *L en V*, 16 Januarie 1893; 19 Januarie 1893.
- ¹⁰⁵ Sien bv. *L en V*, 19 Januarie 1893, “Kiezing Staatspresident”; “De Generaal op reis. Nog ver voor”.
- ¹⁰⁶ *L en V*, 19 Januarie 1893, “Bravo Vryheid”.
- ¹⁰⁷ *L en V*, 26 Januarie 1893, “De Generaal op reis. Water-concessie”.
- ¹⁰⁸ *L en V*, 26 Januarie 1893, “De Generaal op reis. Standplaatsen schandaal”.
- ¹⁰⁹ *L en V*, 30 Junie 1892, “£40 000 verlooren. De standplaats schandaal. Een samenspraak die plaats vond in mijn droom”.
- ¹¹⁰ *Volksstem*, 30 Julie 1892, “De standplaatsen-affaire”.
- ¹¹¹ *Volksstem*, 27 Julie 1892, Redaksioneel.
- ¹¹² *Volksstem*, 30 Julie 1892, “De standplaatsen-affaire”.
- ¹¹³ Notule Tweede Volksraad, 1893, art. 728 en art. 733.
- ¹¹⁴ Notule Tweede Volksraad, 1893, art. 354, bl. 732.
- ¹¹⁵ Notule Tweede Volksraad, 1893, art. 734.
- ¹¹⁶ *L en V*, 9 Februarie 1893, “Een groot zaak. Oom Christiaan en zijn Joden”; *Volksstem*, 29 April 1893, Redaksioneel.

- ¹¹⁷ Sien ook *Volksstem*, 15 Maart 1893, “De Bens[i]on Aaron-Zaak”.
- ¹¹⁸ *Volksstem*, 29 April 1893, “De omkoopingszaak tegen Bens[i]on Aaron”; *Volksstem*, 15 Maart 1893, “De Bens[i]on Aaron-zaak”.
- ¹¹⁹ *Volksstem*, 29 April 1893, Redaksioneel.
- ¹²⁰ *L en V*, 20 April 1893, “De dooden spreken niet”.
- ¹²¹ *L en V*, 20 April 1893, “Wie is verantwoordelijk?”
- ¹²² *L en V*, 20 April 1893, “Wie is verantwoordelijk?”
- ¹²³ *L en V*, 20 April 1893, “Wie is verantwoordelijk?”.
- ¹²⁴ Sien bv. *Volksstem*, 26 April 1893, “De Omkoopings-zaak”; 29 April 1893, Redaksioneel.
- ¹²⁵ *L en V*, 26 Januarie 1893, “Kruger, Jorissen, Christiaan Joubert. De drie groote patriotten”.
- ¹²⁶ *L en V*, 30 Januarie 1893, “Een droom. So werkt de Kruger-party”.
- ¹²⁷ *L en V*, 30 Januarie 1893, “Electie rondom Krugersdorp”.
- ¹²⁸ *L en V*, 9 Januarie 1893, “Wees wakker mannen”.
- ¹²⁹ *L en V*, 23 Februarie 1893, “Het Tweede Congres”.
- ¹³⁰ *L en V*, 2 Maart 1893, Redaksioneel.
- ¹³¹ *Volksstem*, 22 April 1893, “Een nieuwe verkiesing?”
- ¹³² *L en V*, 23 Februarie 1893, “Mnr Neethling’s stem”.
- ¹³³ *L en V*, 16 Januarie 1893, “De wanhoop”.
- ¹³⁴ *L en V*, 23 Maart 1893, “Wat wil het volk?”
- ¹³⁵ *L en V*, 30 Maart 1893, “Wat wil het volk?”
- ¹³⁶ *L en V*, 30 Maart 1893, “Wat wil het volk?”
- ¹³⁷ *L en V*, 30 Maart 1893, “De Generaal”.
- ¹³⁸ *L en V*, 20 April 1893, “Het Derde Congres”.
- ¹³⁹ *L en V*, 20 Julie 1893, “De Presidentsverkiesing. Eene rechtsgeleerde opinie”.

- ¹⁴⁰ *L en V*, 20 Julie 1893, “De Presidentsverkiezing, Eene rechtsgeleerde opinie”.
- ¹⁴¹ Notule Eerste Volksraad, 1893, Art. 45.
- ¹⁴² *L en V*, 20 April 1893, “De dooden spreken niet”.
- ¹⁴³ *Standard and Diggers’ News*, 27 Februarie 1892, “Revised versions”.
- ¹⁴⁴ *L en V*, 21 Junie 1894, “De Kieswet”.
- ¹⁴⁵ *L en V*, 28 Junie 1894 en 5 Julie 1894.
- ¹⁴⁶ Sien bv. *L en V*, 12 Junie 1894.
- ¹⁴⁷ *L en V*, 22 Februarie 1894, “Onze staats schuld”.
- ¹⁴⁸ *Volksstem*, 1 Mei 1894, “Correspondentie. Weerlegging”.
- ¹⁴⁹ *Volksstem*, 9 Mei 1894, “Het Loveday-Wolmarans incident”.
- ¹⁵⁰ *Volksstem*, 12 Mei 1894, “Eerste Volksraad. Vrydag 11 Mei. Wolmarans-Loveday”
- ¹⁵¹ *Volksstem*, 16 Mei 1894, “Eerste Volksraad. Dinsdag 15 Mei. Het Loveday incident”.
- ¹⁵² *L en V*, 24 Mei 1894, “Hy moet er uit!”
- ¹⁵³ *Volksstem*, 19 Mei 1894, “De Volksraden. Eerste Raad. Vrydag 18 Mei”.
- ¹⁵⁴ *Volksstem*, 19 Mei 1894, “De Volksraden. Eerste Raad, Vrydag 18 Mei”; *L en V*, 24 Mei 1894, “Hy moet er uit!”
- ¹⁵⁵ *L en V*, 24 Mei 1894, “Hy moet er uit!”
- ¹⁵⁶ *L en V*, 27 September 1894, “De Loveday Zaak”.
- ¹⁵⁷ *Volksstem*, 22 September 1894, Eerste Volksraad, Donderdag 20 September, “De Loveday-zaak; *L en V*, 27 September 1894, “De Loveday Zaak”.
- ¹⁵⁸ *L en V*, 27 September 1894, “De Loveday Zaak”.
- ¹⁵⁹ *L en V*, 27 September 1894, “De Loveday Zaak”.
- ¹⁶⁰ *Volksstem*, 29 September 1894, “Een onuitvoerbaar besluit”.
- ¹⁶¹ *L en V*, 2 Augustus 1894, “Het Loveday Incident. Officieele bangmakery”.
- ¹⁶² *L en V*, 2 Augustus 1894, Redaksioneel.

- ¹⁶³ *L en V*, 2 Augustus 1894, “Het Loveday Incident. Officieele bangmakery”.
- ¹⁶⁴ *L en V*, 2 Augustus, Redaksioneel.
- ¹⁶⁵ *L en V*, 26 Julie 1894, “Het Loveday Incident”.
- ¹⁶⁶ *L en V*, 2 Augustus 1894, “De Loveday vervolging”.
- ¹⁶⁷ *L en V*, 1 November 1894, “De Loveday Zaak”.
- ¹⁶⁸ *L en V*, 25 Oktober 1894, Byvoegsel, “Antwoord van den heer Loveday op de adressen aan hem door de Burgers toegezonden”.
- ¹⁶⁹ *L en V*, 25 Oktober 1894, Byvoegsel, “Antwoord van den heer Loveday ...”.
- ¹⁷⁰ *L en V*, 25 Oktober 1894, Byvoegsel, “Antwoord van den heer Loveday ...”.
- ¹⁷¹ *L en V*, 25 Oktober 1894, Byvoegsel, “Antwoord van den heer Loveday ...”.
- ¹⁷² *L en V*, 31 Mei 1894, “Klein Joggum in die Eerste Volksraad”.
- ¹⁷³ *L en V*, 7 Februarie 1895, Byvoegsel, “Open brief”.
- ¹⁷⁴ *L en V*, 14 Februarie 1895, “Iets voor Afrikanus Junior”.
- ¹⁷⁵ *L en V*, 20 Februarie 1896, “Onze politieke toestand”.
- ¹⁷⁶ *L en V*, 11 Junie 1896, “Land en Volk vs. Volksstem. De laster bewezen”.
- ¹⁷⁷ *L en V*, 11 Junie 1896, “Land en Volk vs. Volksstem. De laster bewezen”.
- ¹⁷⁸ *L en V*, 11 Oktober 1894, “Twee verjaarsdagen”.
- ¹⁷⁹ *L en V*, 30 September 1896, “Brief van Afrikanus Junior aan ZHed. S.J.P. Kruger”.
- ¹⁸⁰ *L en V*, 30 September 1896, “Brief van Afrikanus Junior aan ZHed. S.J.P. Kruger”.
- ¹⁸¹ *L en V*, 30 September 1896, “Brief van Afrikanus Junior aan ZHed. S.J.P. Kruger”.
- ¹⁸² *L en V*, 21 September 1893, “Stryder voor recht”.
- ¹⁸³ *Standard and Diggers’ News*, 31 Maart 1892, “What we think. Political portents”.
- ¹⁸⁴ *Standard and Diggers’ News*, 19 Maart 1892, “What we think. Our weekly summary”.

- ¹⁸⁵ *Standard and Diggers' News*, 17 Februarie 1891, "The passing of the Boer".
- ¹⁸⁶ *Standard and Diggers' News*, 19 April 1892, "What we think. The burghers and Land en Volk".
- ¹⁸⁷ *Volksstem*, 14 Junie 1892, "De regeering van Paul Kruger".
- ¹⁸⁸ *L en V*, 7 Junie 1892, "President word kwaad".
- ¹⁸⁹ Sien bv. *Land en Volk* 23 Julie 1892, "De Kruger kaskenades".
- ¹⁹⁰ *L en V*, 7 Julie 1892, "Mijn salaris is acht duizend"; 21 Julie 1892, "Ons Presidents' salaris".
- ¹⁹¹ *L en V*, 5 Januarie 1893, "Laat onze oogen opengaan".
- ¹⁹² *L en V*, 23 Julie 1892, "Een Tweede Volksraad storie. De President Keizer".
- ¹⁹³ *L en V*, 9 Februarie 1893, "Ons moet trek".
- ¹⁹⁴ *L en V*, 3 Februarie 1891. Nota deur die redakteur by brief van "Cor" in *Land en Volk* dd. 22 Januarie 1891.
- ¹⁹⁵ *L en V*, 3 Februarie 1891, "Di Afrikaanse taal".
- ¹⁹⁶ *L en V*, 24 Desember 1895, "Het laatste van 1895".
- ¹⁹⁷ *L en V*, 20 Desember 1894, "De President en ons".
- ¹⁹⁸ *L en V*, 24 Desember 1895, "Het laatste van 1895".
- ¹⁹⁹ *L en V*, 24 Desember 1895, "Het laatste van 1895".
- ²⁰⁰ *L en V*, 7 Julie 1891, "An di volk van di Z.A. Republiek".